

Rabbynse Judaïsme: Het Jy Geweet?

Deel 1: Yeshua en die Fariseërs

Inleiding

Deel 1 is die eerste in 'n reeks oor Rabbynse Judaïsme. Die doel hiermee is om die onkunde oor Rabbynse Judaïsme wat by Christene, sowel as by gelowiges wat deel is van die Messiaanse Beweging bestaan, aan te spreek. Die bedoeling is slegs om feitelike inligting bekend te maak sodat elkeen 'n ingeligde besluit kan neem of Rabbynse Judaïsme 'n gevaar vir gelowiges wat Yeshua as Messias bely en navolg, inhou of nie!

In Deel 1 word die agtergrond tot hierdie reeks verduidelik en ek vertrou dat elkeen dit in hierdie lig sal sien!

Yeshua en die Fariseërs

Gelowiges van die nuwe verbond is bekend met die feit dat Yeshua die Fariseërs aangekla en veroordeel het. Yeshua se uitlatings was kras en Hy het nie die gevoelens van die Fariseërs gespaar nie soos blyk uit ondermeer die volgende woorde van ons Messias Yeshua!

Kinders van adders, hoe is dit moontlik dat julle voordelige dinge kan praat terwyl julle waardeloos is? Want uit die volheid van die verstand, wil en emosie praat die mond. Matt. 12:34.

Maar wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle sluit die koninkryk van die hemele toe voor die mense; want julle gaan self nie in nie, en die wat sou ingaan, laat julle nie toe om in te gaan nie. Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle eet die huise van die weduwees op, en doen vir die skyn lang gebede. Daarom sal julle 'n swaarder oordeel ontvang. Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle trek rond oor see en land om een bekeerling te maak; en as hy dit geword het, maak julle hom 'n kind van die hel, twee maal erger as julle self. Matt. 23:13 tot 15.

Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle gee tiendes van kruisement en anys en koljander, en die swaarste van die wet laat julle ná: die reg en die barmhartigheid en die trou. Hierdie dinge behoort julle te doen sonder om die ander na te laat. Matt. 23:23.

Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle maak die buitekant van die beker en die skottel skoon, maar binnekant is dit vol roof en onmatigheid. Matt. 23:25.

Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle is net soos gewitte grafte wat van buite wel fraai lyk, maar van binne vol doodsbene en allerhande onreinheid is. Matt. 23:27.

Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle bou die grafte van die profete en versier die grafstene van die regverdiges; Matt. 23:29.

Slange, kinders van adders, hoe sal julle ontsnap van die oordeel van die hel? Matt. 23:33.

Yeshua sê vir hulle (die Fariseërs): “As God julle Vader was, sou julle My liefhê, want Ek het van God af uitgegaan, want Ek het ook nie uit My eie plesier gekom nie, maar Hy het My gestuur. Waarom verstaan julle nie wat Ek sê nie? Omdat julle nie My boodskap kan hoor nie. Julle is van julle vader, die teëstander, en julle begeer om julle vader se wil te doen. Hy is ’n moordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie omdat daar geen waarheid in hom is nie. Wanneer hy lieg, praat hy uit wat syne is, want hy is vanuit valsheid en die vader daarvan, maar julle vertrou nie in My nie, Ek, wat die waarheid praat. Wie van julle kan My oortuig van sonde? As Ek die waarheid praat, waarom vertrou julle My nie? Wie ook al van God is, luister na die woorde van God; daarom luister julle nie omdat julle nie van God is nie.” Joh. 8:42 tot 47.

Dan weet ons ook dat Yeshua Sy volgelinge gewaarsku het teen die leerstellings van die Fariseërs:

Daarop sê Yeshua vir hulle: Pas op en wees op julle hoede vir die suurdeeg van die Fariseërs en Sadduseërs. Matt. 16:6.

Hoe is dit dat julle nie begryp dat Ek nie in verband met brood vir julle gesê het om op te pas vir die suurdeeg van die Fariseërs en Sadduseërs nie? Toe het hulle begryp dat Hy nie gesê het dat hulle moes oppas vir die suurdeeg van die brood nie, **maar vir die leer van die Fariseërs en Sadduseërs**. Matt. 16:11 en 12.

Nou kan ons wel vra: Wat het hierdie woorde van Yeshua vandag met ons te make? Het die Fariseërs dan nie reeds eeue gelede opgehou om te bestaan nie? Dit is juis sulke vrae wat getuig van die onkunde van die meerderheid Christene en selfs die meerderheid in die Messiaanse Beweging!

Hedendaagse Rabbynse Judaïsme is die voortsetting van Fariseïsme wat in die tyd van Yeshua en die Apostels bestaan het! In die Universal Jewish Encyclopaedia (1943) lees ons die volgende:

The Jewish religion as it is today traces its descent, without a break, through all the centuries, from the Pharisees. Their leading ideas and methods found expression in a literature of enormous extent, of which a very great deal is still in existence. The Talmud is the largest and most important single piece of that literature ... and the study of it is essential for any real understanding of Pharisaism.

Die Jewish Encyclopaedia van 1905 stel dit soos volg:

With the destruction of the Temple (70 A.D.) the Sadducees disappeared altogether, leaving the regulation of all Jewish affairs in the hands of the Pharisees. Henceforth, Jewish life was regulated by the Pharisees; the whole history of Judaism was reconstructed from the Pharisaic point of view, and a new aspect was given to the Sanhedrin of the past. A new chain of tradition supplanted the older priestly tradition (Abot 1:1). Pharisaism shaped the character of Judaism and the life and thought of the Jew for all the future.

Op die webblad van Judaism 101 (<http://www.jewfaq.org/search.shtml?Keywords=Pharisees>) word die volgende inligting ten opsigte van die Fariseërs gegee:

A movement of Judaism that began approximately 2200 years ago. It is the forerunner of rabbinic Judaism, which encompasses all of the movements of Judaism in existence today.

Thayer's Greek Definitions gee vir ons ondermeer die volgende inligting aangaande die Fariseërs:

A sect that seems to have started after the Jewish exile. In addition to Old Testament books the Pharisees recognised in oral tradition a standard of belief and life. They sought for distinction and praise by outward observance of external rites and by outward forms of piety, and such as ceremonial washings, fastings, prayers, and alms giving; and, comparatively negligent of genuine piety, they prided themselves on their fancied good works. According to Josephus they numbered more than 6000. They were bitter enemies of Jesus and his cause; and were in turn severely rebuked by him for their avarice, ambition, hollow reliance on outward works, and affection of piety in order to gain popularity.

Bogenoemde bronne bevestig dus dat hedendaagse Rabbynse Judaïsme die voortsetting is van Fariseïsme van die Skrifte van die nuwe verbond. Die Fariseërs het Yeshua verwerp as die Messias en Rabbynse Judaïsme verwerp steeds Yeshua as die Messias. Hierdie is die grootste en belangrikste aanklag teen Rabbynse Judaïsme!

In die lig van bogenoemde moet ons die vraag vra: Wat sal Yeshua vandag van Rabbynse Judaïsme sê? Wat het verander sedert die dae van die Fariseërs? Het Rabbynse Judaïsme se siening oor Yeshua en die volgelingen van Yeshua verander sedert die dae van Yeshua, en sedert die dae van die Apostels en die gemeente van Handelingen?

In volume 1 van 2, getitel "The Pharisees", skryf die befaamde Rabbi Louis Finklestein die volgende:

Pharisaism became Talmudism. Talmudism became Medieval Rabbinism, and Medieval Rabbinism became Modern Rabbinism. But throughout these changes of name, inevitable adaptation of custom, and adjustment of Law, the spirit of the ancient Pharisee survives unaltered. When the Jew reads his prayers, he is reciting formulae prepared by pre-Maccabean scholars; when he dons the cloak prescribed for the Day of Atonement and Passover Eve, he is wearing the festival garment of ancient Jerusalem; when he studies the Talmud, he is actually repeating the arguments used in the Palestinian academies.

Volgens Rabbi Finkelstein het die gees van Fariseïsme deur die eeue onveranderd gebly! Maar wat was hierdie gees wat sedert die dae van Yeshua geheers het en vandag steeds in Rabbynse Judaïsme heers? Die antwoord word vir ons deur die Apostel Johannes gegee:

Hieraan word die Gees van God geken: elke gees wat erken dat Yeshua, Die Gesalfde Een, in die vlees gekom het, is vanuit God en elke gees wat nie erken dat Yeshua, Die Gesalfde Een, in die vlees gekom het nie, is nie vanuit God nie, maar dit is die gees van die vals gesalfde, waarvan julle gehoor het dat hy kom en van nou af in die wêreld is. 1 Joh. 4:2 en 3

want baie misleiers het uitgegaan in die wêreld in: die een wat nie bely dat Yeshua, Die Gesalfde Een, in die vlees gekom het nie; hy is 'n misleier en teëstander teen Die Gesalfde Een. 2 Joh. 1:7.

Die gees van Rabbynse Judaïsme is nie vanuit God nie, maar dit is die gees van die vals gesalfde, die misleier en die teëstander van Yeshua Die Gesalfde Een!!

Die vraag is dus: Moet ons die feit dat Yeshua die Fariseërs aangekla en veroordeel het, en ook gewaarsku het teen die leerstellings van die Fariseërs, ter harte neem en dit ook op Rabbynse Judaïsme van toepassing maak? Die antwoord is ‘n besliste “Ja”!!

Beteken dit dat die Jode, en Torah-gehoorsame Jode wat Yeshua verwerp, gehaat word? **Nee**, want Yeshua het nie die Fariseërs gehaat nie, maar het hulle leerstellings en die gees wat in hulle harte geheers het veroordeel en met die outoriteit wat aan Hom gegee was teëgestaan!

Indien ons dan Yeshua se woorde ter harte neem, is die vraag: Behoort ons ook dan nie Rabbynse Judaïsme te veroordeel en te waarsku teen die gevare van die misleiding wat daarin verskuil is nie? Moet ons nie veral Yeshua se waarskuwing teen die suurdeeg van die Fariseërs (Rabbynse judaïsme) ter harte neem nie?

Vra jouself: Is Rabbynse Judaïsme ‘n vriend of vyand van YHVH-God? Besluit self! Maar onthou Yeshua se woorde:

Maar Ek sê vir julle wat luister, julle moet jul vyande liefhê en goed doen aan dié wat julle haat. Seën dié wat julle vervloek en bid oor die wat julle met geweld wegvat. Luk. 6:27 en 28

Maar wees gewaarsku! Om in hierdie saak ook in die voetspore van Yeshua te volg, sal elkeen blootstel aan vervolging deur veral die Messiaanse Beweging. Persoonlik kan ek daarvan getuig, want ek is al telkens beskuldig van antisemitisme, lastering teen die huis van Juda en as iemand wat YHVH se Torah verag! Daar is ook diegene wat dit hulle taak ag om ander te waarsku teen Nuwe Lied Bediening!

My antwoord op dit alles is: Hierdie aanval is nie teen my gerig nie, maar wel teen Yeshua Die Gesalfde Een!

-0-0-0-0-0-0-0-0-

Deel 2: Die Torah en die Talmud

Hersiening Deel 1

In Deel 1 (Yeshua en die Fariseërs) is bewys gelewer dat hedendaagse Rabbynse Judaïsme die voortsetting is van Fariseïsme soos dit in die tyd van Yeshua en die Apostels was. Ons is bekend met die feit dat Yeshua die Fariseërs aangekla en veroordeel het en dat ons Messias ons ernstig gewaarsku het teen die leerstellings van die Fariseërs. As getroue volgelinge van Yeshua moet ons Sy siening van, en Sy waarskuwing teen die Fariseërs en dus Rabbynse Judaïsme, ter harte neem!

Beteken dit dat die Jode, en Torah-gehoorsame Jode wat Yeshua verwerp, gehaat word? **Nee**, want Yeshua het nie die Fariseërs gehaat nie, maar het hulle leerstellings en die gees wat in hulle harte geheers het veroordeel!

Maar aansluitend by Deel 1 is dit belangrik om te verstaan dat hoewel Abraham, Isak en Jakob beskou word as die fisiese en geestelike patriarge van die Jode en van Judaïsme, is dit verkeerd om hierdie drie aardsvaders as Jode of die navolgers van Judaïsme te beskou, want hierdie terme het eers baie eeue later in gebruik gekom. Abraham was ‘n Hebreër. In Hebreeus is hy bekend as *Avraham Ha-Ivri*, naamlik Abraham die Hebreër. Die letterlike betekenis van *Ha-Ivri* is: *die een wat aan die anderkant staan* – hy het uit afgodery oorgegaan en YHVH vertrou en gevolg.

Daarom moet ons nie die geloofswandel van Abraham, Isak, Jakob en Israel van die ou verbond verwar met Fariseïsme en Rabbynse Judaïsme nie!

Die Jewish Encyclopaedia beskryf dit soos volg:

Extending over thirty-five centuries of history and over well-nigh all the lands of the civilized globe, Judaism could not always retain the same form and character. Judaism in its formative period, that is, in the patriarchal and prophetic times, differed from exilic and post-exilic Judaism; and rabbinic or pharisaic Judaism again presents a phase quite different from Mosaic Judaism, to which the Sadducees, and afterward to some extent the Karaites, persistently clung.(<http://www.jewishencyclopedia.com/articles/9028-judaism>)

Deur vertrouwe in Yeshua as die Messias is ons die nageslag van Abraham (Gal. 3:29) en is hy ons voorbeeld van gehoorsaamheid onder die nuwe verbond – die evangelie wat aan Abraham verkondig was (Gal. 3:8).

In Deel 2 sal die verskil tussen die Torah en die Talmud bespreek word, want die meerderheid in die Christendom weet nie wat die verskil is nie en baie weet selfs ook nie wat die Torah van YHVH is nie! Hierdie definisies van Torah en Talmud en die verskille tussen die twee is van kardinale belang voordat ons voortgaan met ons studie van Rabynse Judaïsme.

Wat Is Die Torah?

Die Hebreeuse woord *Torah* (הַתּוֹרָה), is afgelei van die woord *yareh* (יָרָה) wat 'n pyl-en-boogskiet term is. *Yareh* beteken om met 'n boog te skiet met die doel dat die pyl die teiken tref, met ander woorde 'n kolskoot! Die teiken is die waarheid van YHVH-God en hoe die verhouding tussen God en die mens moet wees. Daarom is die hoofdoel van die Torah van YHVH om die mens die waarheid aangaande God te leer. Dit is die waarheid aangaande die Karakter en die Outoriteit van God en die instruksies van God aan die mens.

Daar is twee ander verwante Hebreeuse woorde wat ook afgelei word van *Yareh*. Die een is *moreh* (מֹרֶה) en is die woord vir onderwyser (leraar). 'n *Moreh* is iemand wat sy studente die instruksies van Torah leer. Die tweede belangrike woord afgelei van *Yareh* is *horeh* (הוֹרֶה) wat 'n ouer verteenwoordig wat sy kind(ers) die instruksies van Torah moet leer.

Streng gesproke beteken Torah dus YHVH se instruksies, maar dit is instruksies wat ook YHVH se onderrig en wysheid bevat. *Torah* se betekenis sluit egter ook die gedagte in om rigting aan te dui soos duidelik is volgens Ps. 119:105 – *U boodskap is 'n lamp vir my voet en 'n lig op my pad.*

Daarom kan ons YHVH se Torah soos volg definieër:

Al die instruksies, onderrig en wysheid van YHVH soos in die Afgesonderde Skrifte van Genesis tot Openbaring opgeteken is en wat vir gelowiges die rigting (pad) aandui.

Torah kan vergelyk word met die liefdevolle onderrig van 'n vader van sy kinders. Hierdie betekenis moet deurgaans in gedagte gehou word.

Maar afhangend van die konteks waarin die woord Torah gebruik word, kan dit ook die volgende beteken:

- Die eerste vyf boeke van die Skrifte, naamlik die boeke van Moses en ook bekend as die Pentateug.
- Die Torah (wet) van Moses.

- Die *Tanakh*, naamlik al die Skrifte van die ou verbond. *Tanakh* is die akroniem vir *Torah* (die eerste vyf boeke van Moses), *Nevi'im* (die Profete) en *K'tuvim* (die Geskrifte, naamlik die res van die boeke van die ou verbond).
- Vir gelowiges van die nuwe verbond is dit al die instruksies, onderrig en wysheid van YHVH van Genesis tot Openbaring.

Dit is baie belangrik om te verstaan dat *Torah*, naamlik die vyf boeke van Moses, asook die profete 'n heenwysing is na die nuwe verbond, want Moses en die profete het van Yeshua getuig (Luk. 24:27; Joh. 1:46; Joh. 5:46). Daarom: In die ou verbond is die nuwe verbond verskuil en in die nuwe verbond word die *Torah* en die profete dus openbaar gemaak, bevestig en vervul.

In die Griekse vertaling van die Skrifte is *Torah* met *nomos* vertaal. Die oorspronklike betekenis van *nomos* is nie YHVH se *Torah* nie, maar wette soos landswette, naamlik mensgemaakte wette. Waar die woord wet (wette, *law*) in die Skrifte gebruik word, sal die konteks van die bepaalde Skrifgedeelte bepaal of dit as wet, in die sin van 'n mensgemaakte wet, of as *Torah*, in die sin van 'n wet (onderrig, instruksie en leerstelling) van YHVH vertaal moet word. Vergelyk Gen. 47:26 (mensgemaakte wet) en Ex. 13:9 (*Torah*).

Hierdie onderskeid tussen *wet* en *Torah* is baie belangrik en moet voortdurend in die Afrikaans en Engelse vertalings van die Skrifte gemaak word. 'n Wet is uitsluitlik 'n *moet of 'n moenie*. Die mens wat nie aan die *moet* of *moenie* gehoorsaam is nie, oortree die wet en sal gestraf word. Die *Torah* se uitsluitlike doel is egter om die mens te onderrig deur instruksies en leringe soos opgeteken is in die Woord van YHVH. In hierdie instruksies en leringe is die *moets* en *moenies* vervat. Gesamentlik vorm dit die lamp vir ons voet en die lig op ons pad (Ps. 119:105).

Torah Boekrol ('Torah Scroll') en die Chumash

In elke sinagoge is die vyf boeke van Moses 'n handgeskrewe perkamentrol (*Torah* boekrol) wat gemaak word van spesiaal voorbereide kalf-, skaap- of bokvel. Die perkamentrol word in 'n ark bewaar en word slegs tydens 'n diens uitgehaal om gelees te word of om by spesiale geleenthede vertoon te word. Die ark is simbolies van die verbondsark. Die leser mag nie aan die geskrewe teks raak nie en daarom word 'n wyser bekend as 'n *yad*, gewoonlik in die vorm van 'n klein handjie met 'n wysvinger, gebruik.

Chumash is afgelei van die Hebreeuse woord wat vyf beteken. Daarom is 'n *chumash* 'n boek bevattende die vyf boeke van Moses, maar verwys meestal na een waar die vyf boeke onderverdeel is om ooreen te stem met die weeklikse *parashot* (54 *Torah*skriflesings).

Torah En Die Verbonde

Soos reeds genoem kan YHVH se *Torah* beskou word as al die instruksies, onderrig en wysheid van YHVH soos opgeteken is in die Skrifte vanaf Genesis tot Openbaring.

Daarom is die uiters belangrik om eerstens te verstaan dat YHVH se *Torah* reeds in die tuin van Eden aan Adam en Eva gegee was. Tweedens moet ons verstaan dat YHVH se *Torah* hand-aan-hand gaan met die bepaalde verbond wat op daardie stadium van toepassing was! Daarom is daar 'n verskil in YHVH se *Torah* soos daar 'n verskil is tussen die verbonde. Met elke verbond het YHVH Sy *Torah* "aangepas".

YHVH se verhouding met die mens was van die begin af in die tuin van Eden, en is steeds vandag, 'n verbondsverhouding. Die verbonde en YHVH se *Torah* ten opsigte van elk van daardie bepaalde verbonde moet gesien word as deel van YHVH se plan van herstel tot soos

dit was voor die sondeval. Verwys na die notas van Parashah 1.17 wat afgelaai kan word by: [Parashah1Notas.17](#).

Daarom is die volgende van kernbelang:

Eerstens: Die Torah van Moses (die boek van die wet) wat aan Israel na die sonde van die goue kalf gegee was, is nie YHVH se ‘finale’ Torah vir die mens nie en daarom is dit nie van toepassing op die gelowige in Yeshua van die nuwe verbond nie. Dit was slegs die tugmeester (gids) tot Yeshua se folterdood en opstanding (Gal. 3:24 en 25).

Tweedens: In die lig hiervan moet ons weet wat behels die Torah van die nuwe verbond (die Torah van Yeshua; die Melgisédek Torah), want dit is die gehoorsaamheid waarmee ons vertroue in Yeshua as die versoening met YHVH opgevolg moet word.

Onthou: Rabbynse Judaïsme verwerp Yeshua as Messias en derhalwe die Skrifte van die nuwe verbond en daarom is die Torah van Moses vir hulle YHVH se ‘finale’ Torah. Maar die Skrifte van die nuwe verbond, veral die brief aan die Hebreërs, stel dit duidelik dat daar ‘n verandering in die Torah van Moses plaasgevind het na Yeshua se folterdood en opstanding. Yeshua het die Torah van Moses vervul (Matt. 5:17) – in alle opsigte daaraan voldoen – anders sou Hy nie vir die sondes van Israel kon sterf nie. Hierdie is ‘n onderwerp wat nie verder hier bespreek sal word nie, maar ‘n bondige artikel ter verduideliking kan afgelaai word by: [MelgisedekordeSaamgevat](#).

Wat Is Die Talmud?

Die Hebreeuse woord Talmud (תלמוד) beteken instruksies met die doel om te leer.

In sy eenvoudigste definisie is die Talmud die mondelinge Torah (“Oral Torah”). Rabbynse Judaïsme glo dat Moses het ‘n geskrewe Torah, naamlik die vyf boeke van Moses, sowel as ‘n Mondelinge Torah ontvang. Die Mondelinge Torah is die kommentare op die geskrewe Torah. Hierdie kommentare is hoe om die geskrewe Torah te verklaar en dit prakties toe te pas. Die Talmud word algemeen beskou as die wette van Rabbynse Judaïsme, maar daar word dikwels na dit verwys as die Joodse wette!

Hierdie kommentare is vir eeue mondelings oorgedra, maar is ongeveer in die tweede eeu na Messias deur Rabbi Yahudah Hanasi (Juda die Prins) in geskrewe vorm saamgestel en is bekend as die *Mishnah*.

In die daaropvolgende eeue is bykomende kommentare oor die inligting vevrvt in die *Mishnah* geskryf en dit is deur die *Geonim* van Babilon (die hoofde van die akademies in Sura en Pumbedita) in die vyfde eeu saamgevoeg en word die *Gemara* genoem. Die Talmud bestaan dus uit die *Mishnah* en die *Gemara*.

Daar is die Babiloniese Talmud en die Jerusalem Talmud, maar die Babiloniese weergawe word as die gesaghebbende Talmud beskou.

Die wyse wat die Talmud in Hebreeus geskryf is, maak dit moeilik vir die leek om dit te lees en te verstaan, want dit is dikwels in snelskrif (telegramstyl) en met die veronderstelling dat die leser reeds weet waaroor die bespreking handel. Tekstense word soms aangedui deur slegs twee of drie woorde. Dikwels word verskillende menings oor ‘n onderwerp gegee sonder uitsluitel wat die aanvaarbare of korrekte is.

Die *Mishnah* is in ses hoofgroepe bekend as *Sedarim* (enkelvoud *Sedar*) verdeel. Elke *Sedar* word verder onderverdeel in *masekhtot* (verhandelinge; “tractates”). Daar is altesaam 63 *Masekhot* in die *Mishnah*.

Die ses *Sedarim* is die volgende:

- *Zera'im* (Sade), insake landbouwette
- *Mo'ed* (Feeste), insake Shabbat en die Feestye
- *Nashim* (Vroue), insake die huwelik, egskeidings en kontrakte
- *Nezikin* (Skades), insake delikterereg (onregmatighede) en ander finansiële wette. Avot (ook bekend as Pirkei Avot – die etiek van die vaders) is ook een van die *masekhtot*.
- *Kodashim* (Heilige Dinge), insake offerandes en die tempel.
- *Toharot* (Reinheid), insake wette van rituele reinheid en onreinheid.

Midrash en Responsa

Buiten die Talmud is daar die *midrashim*, ook genoem *midrash aggadah*, 'n versameling werke wat basies stories is van spesifieke gebeurtenisse in die Tanakh met die doel om sekere beginsels van Joodse wette toe te lig of om sedelike en morele waardes te illustreer en te leer.

Verder is daar ook die skrywes van befaamde Rabbis waarin spesifieke vrae ten opsigte van die toepassing van die Joodse wette beantwoord word – vrae wat ontstaan weens byvoorbeeld ontwikkelinge op die gebied van die tegnologie en die wetenskap, asook weens 'n veranderende samelewing. Hierdie vrae en antwoorde staan bekend as *Responsa* en daar is reeds sowat 2 000 volumes gepubliseer. As voorbeeld die volgende: Toe elektisiteit ontdek is en algemeen in gebruik gekom het, was die vraag of die aanskakeling van 'n lig op Shabbat gelykstaande is aan die aansteek van 'n vuur (Ex. 35:3).

Opsommend

In die "Universal Jewish Encyclopedia", onder die afdeling "Pharisees" lees ons die volgende:

*The Jewish religion as it is today traces its descent, without a break, through all the centuries, from the Pharisees. Their leading ideas and methods found expression in a literature of enormous extent, of which a very great deal is still in existence. The Talmud is the largest and most important single member of that literature, and round it are gathered a number of Midrashim, partly legal (Halachic) and partly works of edification (Haggadic). **This literature, in its oldest elements, goes back to a time before the beginning of the Common Era**, and comes down into the Middle Ages. Through it all run the lines of thought which were first drawn by the Pharisees, and the study of it is essential for any real understanding of Pharisaism.*

Die belangrikheid van die Talmud in die lewe van Rabbynse Judaïsme word duidelik uit die volgende woorde van bekende Jode:

If the Bible is the cornerstone of Judaism, then the Talmud is the central pillar, soaring up from the foundations and supporting the entire spiritual and intellectual edifice. In many ways the Talmud is the most important book in Jewish culture, the backbone of creativity and of national life. No other work has had a comparable influence on the theory and practice of Jewish life, shaping spiritual content and serving as a guide to conduct – Rabbi Steinsaltz.

The Talmud is to this day the circulating heart's blood of the Jewish religion. Whatever laws, customs or ceremonies we observe — whether we are Orthodox, Conservative, Reform or merely spasmodic sentimentalists — we follow the Talmud. It is our common law – Herman Wouk.

The Bavli [Babylonian Talmud] has formed the definitive statement of Judaism from the time of its closure to the present day – Rabbi Dr. Jacob Neusner

Rabbynse Judaïsme stel die gesag van die Babiloniese Talmud bokant die van die Tanakh! In verdere aflewering sal daar verder hierop uitgebrei word.

Vir eeue was die Talmud slegs in Hebreeus beskikbaar. Die eerste Engelse vertaling van die Talmud is die Soncino Uitgawe van 1934-48.

Yeshua en die Talmud

Die “Universal Jewish Encyclopedia” bevestig dat die Mondelinge Torah reeds in die dae van Yeshua en die Apostels die wette was waarvolgens die Fariseërs gelewe het: *This literature, in its oldest elements, goes back to a time before the beginning of the Common Era.* Hierdie feit word deur die Skrifte van die nuwe verbond bevestig soos byvoorbeeld die vraag van die Fariseërs aan Yeshua en Sy antwoord aan hulle in Matt. 15:1 tot 3:

Toe kom daar Fariseërs en leraars van die wet vanaf Yerushalayim, na Yeshua toe en sê: ² “Waarom oortree U studentevolginge die tradisionele wet van die oudstes en was nie hulle hande wanneer hulle brood eet nie?” Yeshua antwoord en sê vir hulle: “Waarom oortree julle selfs die opdragte van God ter wille van julle tradisionele wet?”

Hierdie tradisionele wette (oorleweringe) van die oudstes (ou mense) is die Mondelinge Torah.

⁵ *Die Fariseërs en die leraars van die wet vra vir Hom: “Waarom leef U studentevolginge nie volgens die tradisies van die oudstes nie, maar eet brood met ongewaste hande?”*

⁶ *Hy antwoord en sê vir hulle: “Yesha’yahu het reg geprofeteer oor julle, toneelspelers van ’n vals karakter, soos geskrywe is: ‘Hierdie volk eer My met die lippe, maar hulle gedagtes en wil is ver van My af ⁷ en verniet vereer hulle My deur leringe te leer wat opdragte van mense is,’ ⁸ want julle verwerp die opdragte van God, maar behou die tradisies van mense: die seremoniële was van potte en bekere en baie ander dinge, dit doen julle.” ⁹ Hy sê vir hulle: “Julle verwerp wel die opdragte van God om sodoende julle tradisies te bevestig, ¹⁰ want Moshe het gesê: ‘Eer jou vader en jou moeder’ en: ‘Hy wat sleg praat van vader of moeder, moet die dood sterf,’ ¹¹ maar julle sê: ‘As ’n mens aan vader of moeder sê: Wat ek vir u tot voordeel kon gee is my offergawe,’ ¹² dan laat julle hom niks meer doen vir sy vader of sy moeder nie. ¹³ Julle onteer die boodskap van God ter wille van die tradisies wat julle begin het en julle doen baie soortgelyke dinge.” Mark. 7:5 tot 13.*

Die Fariseërs het die gebod om jou vader en moeder te eer deur vir hulle te sorg in hulle oudag omseil en opgehef deur ’n offergawe aan die tempel te maak volgens die oorlewering van die tradisies (Mondelinge Torah). Daarom het Yeshua aan hulle gesê: *Julle onteer die boodskap van God ter wille van die tradisies wat julle begin het en julle doen baie soortgelyke dinge.*

Yeshua het aan die Fariseërs gesê: *julle doen baie soortgelyke dinge.* In die lig van die magdom volumes wat die hedendaagse Talmud, plus ander werke oor die verklaring en toepassing van die Torah van Moses, beslaan, en hoeveel mensgemaakte wette deur die eeue dus bygevoeg is, kan ons soveel meer verstaan hoekom Yeshua aangaande die Fariseërs gesê

het: want hulle bind swaar laste en sit dit op die skouers van die mense, maar hulle is nie gewillig om hulle vinger te verroer en daaraan te raak nie (Matt. 23:4).

Maar Yeshua rig 'n uitnodiging aan elkeen toe Hy gesê het:

28 Kom na My toe, almal wat moeg gewerk is en gedwing word om laste te dra en Ek sal julle rus gee. 29 Neem My juk op julle en leer van My, want Ek is vredevol en nederig van verstand, wil en emosie en julle sal rus vind vir julle gees, 30 want My juk is aangenaam en My las is lig." Matt. 11:28 tot 30.

In die lig hiervan kan ons ook verstaan hoekom Yeshua Sy studentevolgelinge gewaarsku het teen die leerstellings (suurdeeg) van die Fariseërs en ons dus vandag ook waarsku teen Rabbynse Judaïsme.

As gelowiges in Yeshua verwerp ons die Talmud!

In Deel 3 sal die Talmud verder bespreek word en later ook die invloed van die Babiloniese afgodery op dit wat in die Talmud geskryf is!

Maar intussen vra jouself: Hoekom is die Talmud en Talmud verwante literatuur 'n lofprysing van die naam Babilon en die waarde wat dit vir Babiloniese Talmudisme het, terwyl daar in die Skrifte van die nuwe verbond 'n besliste waarskuwing teen Babilon is en vir alles wat dit verteenwoordig?

Volgens Rabbynse Judaïsme:

"The Babylonian Exile is a momentous period ... During that Exile Israel found itself. It ... rediscovered the Torah and made it the rule of life ..." When we come to the Babylonian Gemara, we are dealing with what most people understand when they speak or write of the Talmud. Its birthplace, Babylonia, was an autonomous Jewish center for a longer period than any other land; namely from soon after 586 before the Christian era to the year 1040 after the Christian era" – Rabbi J. H. Hertz; Voormalige Hoof Rabbi van Groot Britanje.

Maar volgens YHVH se Woord:

Die groot stad is in drie dele verdeel, die stede van die nasies het geval en God het Bavel, die grote, onthou, om vir haar die beker, met die wyn van die wraak van Sy woede, te gee. Open. 16:19.

en tussen haar oë is geskryf: die geheime, groot Bavel, die moeder van hoere en van die vuilhede van die aarde. Open. 17:5.

Ek het 'n ander stem uit die hemel hoor sê: "Gaan uit haar uit, My volk sodat julle nie deel kry aan haar sondes en nie van haar plaë ontvang nie, want die sondes in haar het opgestapel tot by die hemel en God het haar boosheid in herinnering geroep. Open. 18:4 en 5

-0-0-0-0-0-0-0-0-

Deel 3: Die Septuagint en die Masoretiese Teks

Hersiening Deel 2.

In Deel 2 is die verskil tussen die Torah en die Talmud bespreek, omrede die meerderheid in die Christendom nie weet wat die verskil is nie en omrede baie selfs ook nie weet wat die

Torah van YHVH is nie! Hierdie definisies van Torah en Talmud, en die verskille tussen die twee, is van kardinale belang veral wanneer diegene wat terugkeer om die Shabbat en YHVH se Feestye te onderhou, beskuldig word dat hulle “Jode wil word”.

Wanneer die verskil tussen Torah en Talmud verstaan word, word dit duidelik dat ortotodokse Jode Talmud volg, maar dat gelowiges in Yeshua wat die Shabbat en Feestye hou die Talmud verwerp en as ‘n ernstige misleiding van Rabbynse Judaïsme beskou.

Alvorens ons egter in hierdie reeks voortgaan om meer te leer oor wat in die Talmud geskryf is, is dit eers nodig om ook te vertsaan wat is die verskil tussen die Septuagint en die Masoretiese vertaling van die Skrifte van die ou verbond. Die Masoretiese teks word dikwels, en met goeie rede, beskou as die “Joodse Bybel” en die gevaar wat dit inhou vir gelowiges wat Yeshua as Messias bely moet hiervan kennis neem.

Die Oorsprong van die Septuagint en die Masoretiese Teks

Gedurende die derde en tweede eeu voor Messias was daar ‘n groot aantal Jode wat in Alexandria in Egipte suksesvol gevestig was. Mettertyd het Grieks hulle spreektaal geword en daar het ‘n behoefte ontstaan vir ‘n Griekse vertaling van die Skrifte van die ou verbond. Hierdie ‘projek’ is deur die hoëpriester en Sanhedrin in Jerusalem goedgekeur en hierdie vertaling staan bekend as die Septuagint.

Die Septuagint (Latyns) se letterlike betekenis is sewentig, want dit was die Griekse vertaling van die Skrifte van die ou verbond (Tanakh) deur sewentig Rabbis gedurende die laat derde en vroeë tweede eeu voor Messias. Daar word ook na die Septuagint verwys as LXX (Die Grieks vir die getal 70).

Die Hebreeuse Skrifte van die ou verbond wat vandag deur Jode gebruik word, is bekend as die Masoretiese teks (vertaling) en is die gesaghebbende Hebreeuse teks van die Tanakh (ou verbond) soos deur ‘n groep Jode bekend as die Masorete vertaal, saamgestel en versprei was gedurende die agste tot tiende eeu na Messias. Daarom staan die Masorete vertaling bekend as die “Joodse Bybel”. Hierdie vertaling en keuse van die boeke van die Tanakh was nie met die goedkeuring van die hoëpriester of Sanhedrin in Jerusalem nie, want beide hierdie gesagsowerhede het toe nie bestaan nie.

Die Septuagint is dus bykans een duisend jaar ouer as die Masoretiese teks! Daar is verskille tussen die Masoretiese teks en die Septuagint, nie net wat die aantal boeke wat deel is van die Skrifte van die ou verbond nie, maar spesifiek ook vertalings verskille. Die vraag is dus watter een van die twee is die mees getroue vertaling van die oorspronklike Skrifte? Hieroor word daar tot vandag gedebateer, maar die meerderheid siening is dat die Septuagint meer betroubaar is.

Daar is verskeie redes hiervoor, waarvan die belangrikste is dat sekere verskille tussen die Septuagint en Masoretiese teks sterk daarop dui dat laasgenoemde met ‘n teologiese bril vertaal en saamgestel is, want ons moet onthou dat hierdie vertaling gedoen is deur Jode wat Yeshua as Messias verwerp het. Daarom bevat die Masoretiese teks sekere veranderinge in profesie en doktriene, terwyl seker boeke, soos die Wysheid van Salomo, weggelaat is.

Joseph Gleason bespreek in ‘n artikel¹ vyf redes hoekom die Masoretiese teks van die oorspronklike Skrifte van die ou verbond verskil, naamlik:

¹ Masoretic Text Versus Original Hebrew; <https://theorthodoxlife.wordpress.com/2012/03/12/masoretic-text-vs-original-hebrew/>

1. Die Massorete erken dat hulle vanaf 'n reeds veranderde teks gewerk het. In die verband skryf Joseph Gleason die volgende:

“Early rabbinic sources, from around 200 CE, mention several passages of Scripture in which the conclusion is inevitable that the ancient reading must have differed from that of the present text.... Rabbi Simon ben Pazzi (3rd century) calls these readings “emendations of the Scribes” (tikkune Soferim; Midrash Genesis Rabbah xlix. 7), assuming that the Scribes actually made the changes. This view was adopted by the later Midrash and by the majority of Masoretes. In other words, the Masorites themselves felt they had received a partly corrupted text”.

2. Die Masoretiese teks was geskryf in moderne Hebreeus wat se alfabet wesenlik verskil van die oorspronklike Paleo-Hebreeuse alfabet.
3. Die Masorete het klinkers in die woorde bygevoeg wat nie in die oorspronklike bestaan het nie.
4. Die Masorete het verskeie boeke wat in die oorspronklike Skrifte bestaan het, uitgelaat. Hierdie boeke staan bekend as die Deuterokanoniese boeke (*Deuterocanonical Books*) en beteken die boeke van die tweede kanon. Die meer bekende naam vir hierdie geskrifte is die Apokriewe boeke en is die Grieks vir *dit wat weggesteek is*. Voorbeelde van hierdie boeke is: Judit, Tobit, Barug, Makkabeërs (boeke 1 tot 4), die Wysheid van Salomo en die wysheid van Ben Sirag. Die Rooms Katolieke, die Grieks Ortodokse Kerk en die Jode van Ethiopië is ondermeer die wat hierdie boeke as gelykwaardig in gesag beskou en deur YHWH geïnspireer!
5. Die Masoretiese teks bevat veranderinge ten opsigte van profesie, doktriene en weglatings. Een so 'n voorbeeld is Psalm 145 wat as 'n letterverspsalm (*acrostic poem*) geskryf is. Dit beteken dat elke teksvers begin met 'n letter van die Hebreeuse alfabet. Die teksverse is dus in alfabetiese volgorde geskryf en begin by die eerste letter *alef* en eindig by die laaste letter *tav*. Maar in die Masoretiese teks ontbreek die veertiende letter *nun*!! Hierdie letter, en dus teksvers, kom wel in die Septuagint, asook in die Qumran Skrifte, voor en lees soos volg: *Faithful is the Lord in His words, and devout in all His works*.

In die verband maak Joseph Gleason dan die volgende geldige punt:

“In this particular case, it is easy to demonstrate that the Masoretic Text is in error, for it is obvious that Psalm 145 was originally written as an acrostic Psalm. But what are we to make of the thousands of other locations where the Masoretic Text diverges from the Septuagint? If the Masoretic Text could completely erase an entire verse from one of the Psalms, how many other passages of Scripture have been edited? How many other verses have been erased?”

Skrifverklaring

Saam met die doelbewuste verandering wat die Masorete aangebring het, is daar ook bewys van die verandering in die verklaring van sommige Skrifgedeeltes deur Rabbynse Judaïsme na Yeshua se eerste koms. Byvoorbeeld: Voor Yeshua se koms het Rabbynse Judaïsme Jesaja

53 verklaar as verwysend na 'n man. Vandag verklaar Rabbynse Judaïsme Jesaja 53 as verwysend na Israel. In 'n artikel² skryf Walid Shoebat:

Rabbi Jonathan ben Uzziel, a disciple of Hillel understood Messianism. Paul who met Jesus at the Road to Damascus was a pupil of Gamaliel the grandson of Hillel, who taught between 22-55 AD. Uzziel, Hillel's disciple understood Isaiah 53 as referring to ancient commentators which he understood differently than post Temple rabbis who switched the subject of Isaiah 53 to being about "Israel". Uzziel explains it completely as Christians today understand the Messiah:

"Our ancient commentators with one accord noted that the context clearly speaks of God's Anointed One, the Messiah. The Aramaic translation of this chapter, ascribed to c.e., begins with the simple and worthy words:

'Behold my servant Messiah shall prosper; he shall be high, and increase, and be exceeding strong: as the house of Israel looked to him through many days, because their countenance was darkened among the peoples, and their complexion beyond the sons of men (Targum Jonathan on Isaiah 53, ad locum).'"

Die Wysheid van Salomo is een van die boeke wat die Masorete weggelaat het en ons kan wel die vraag vra of dit nie dalk ondermeer is weens die feit dat in hierdie boek word daar baie duidelik na Yeshua verwys? Die volgende as voorbeeld is opgeteken in die Wysheid van Salomo 2:12 tot 20³

Laat ons vir die regverdige man lê en wag, want hy is lastig en irriterend. Hy vind mos altyd fout met wat ons doen. Hy vryf dit onder ons neuse dat ons die wet oortree en beskuldig ons daarvan dat ons nie leef soos ons opgevoed is nie

Hy gee voor dat hy kennis van God het en hy noem homself 'n kind van die Here

Hy laat ons gedurig sleg voel oor wat ons dink

Om hom net te sien gee ons al 'n pyn. Sy manier van lewe is so anders as ander mense s'n; ja, so vreemd.

Hy sien ons as oneg en vals. Hy vermy ons manier van lewe asof dit vuilgoed is. Hy roem daarop dat mense wat reg lewe uiteindelik baie gelukkig sal wees en spog daarmee dat God sy Vader is.

Laat ons sien of sy opinie waar is. Laat ons probeer uitvind wat uiteindelik met hom sal gebeur.

As die regverdige man die seun van God is, sal God hom help. God sal hom uit die hande van sy vyande red.

Laat ons hom dus op die proef stel deur hom te beledig en te treiter sodat ons kan uitvind presies hoe saggeaard hy is en ons sy geduld kan beproef.

Laat ons hom tot skandelijke dood verdoem. Hy het moes self gesê dat God vir hom sal sorg.

Gevolgtrekking

Dit is baie duidelik dat Rabbynse Judaïsme se verwerping van Yeshua as Messias nie net die samestelling van die boeke van die ou verbond beïnvloed het nie, maar ook die vertaling van die Masoretiese teks beïnvloed het, sowel as hulle verklaring van sommige Skrifgedeeltes wat betrekking het op Yeshua as die Messias wat gekom het!

Die volgende videos word ook aanbeveel:

- <https://www.youtube.com/watch?v=ZA-JCLYeDro> The Jewish Talmud Exposed – Brother Nathanael.
- <https://www.youtube.com/watch?v=zJ1fgnsGfsg> Jewish Talmud Exposed! – “Jesus In Hell Boiling In Faeces!”
- <https://www.youtube.com/watch?v=zvhIYNzBtLs> Dr. David Duke - Jewish Racism Against Gentiles (Goyim). **Hierdie is regtig die moeite werd om te kyk.**
- https://www.youtube.com/watch?v=yIe_ggeOIMA How The Jews Mock Jesus Christ. [Dink hieraan! Sou daar met die Jodedom en hulle geloofsoortuiging gespot word, sal dit as antisemitisme en 'n ernstige oortreding beskou word, maar wat word dit genoem as Jode met Yeshua spot?]

Ten slotte: In die lig van alles wat ek tot op hede met julle gedeel het aangaande Rabbynse Judaïsme en dit wat in die Talmud ondermeer geskryf is, is dit te verstane wat die oorsprong van antisemitisme (Jode-haat) is. Hierdie haat is **geensins geregverdig nie**, want Yeshua het gesê dat ons ons vyande, en dit sluit die vyande van YHVH in, moet liefhê!

Maar dit is te verstane dat konings en keisers in die eerste eeue na Messias opdrag gegee het dat die Talmud verbrand moet word. Dit is ook hoekom Martin Luther se aanvanklike simpatie met die Jode verander het in 'n ernstige waarskuwing oor die gevare van Rabbynse Judaïsme en die Talmud. Dit is ook die rede hoekom ortodokse Jode soos die Karaïete die Talmud verwerp!

In Deel 6 sal hierdie aspek verder bespreek word.

Ek wil dit ook herhaal dat alle Jode nie oor dieselfde kam geskeer kan word nie! Hierdie reeks gaan oor die boosheid en misleiding van Rabbynse Judaïsme en van die Talmud – nie oor Jode-haat nie!! Ek skryf hierdie dinge in die vertroue dat gelowiges in Yeshua as die Messias, veral in die Messiaanse Beweging, se oë oop sal gaan en dat ons as dissipels van Yeshua die swaard van die Woord van YHVH sal opneem om hierdie boosheid te beveg!

Ons broers in die huis van Juda moet die blye boodskap, die Evangelie van redding deur Yeshua hoor!! Die waarheid wat hulle vry sal maak!

-o-o-o-o-o-o-

Deel 6: Antisemitisme

Hersiening

Deel 1 in die reeks kan soos volg opgesom word: Die feit dat Yeshua die Fariseërs aangekla en veroordeel het, en ook gewaarsku het teen die leerstellings van die Fariseërs, moet deur elkeen wat vertrou in Yeshua as die Messias ter harte geneem word en dit ook op Rabbynse Judaïsme van toepassing maak, want laasgenoemde is 'n voortsetting van Fariseïsme.

Yeshua het die Fariseërs aangekla en veroordeel. Sy uitlatings was kras en Hy het nie die gevoelens van die Fariseërs gespaar nie. Die volgende is 'n feit: Sou iemand vandag soortgelyke aanklagte en uitlatings as Yeshua teenoor Rabbynse Judaïsme maak, dan sal dit as antisemitisme beskou word!!

In Deel 4 is die gees wat Rabbynse Judaïsme dryf, en wat ook in die Talmud openbaar word, bespreek. Aangesien Rabbynse Judaïsme ontken dat Yeshua die Messias is, is dit volgens die Skrifte van die nuwe verbond die gees van die Antimessias wat openbaar word (1 Joh. 2:22 en 23; 1 Joh. 4:2 en 3; 2 Joh. 1:7). Dit is dus ook hierdie gees wat in die Talmud openbaar word soos bewys word deur die lasterlike uitsprake teenoor Yeshua en Christene, asook die minderwaardige siening wat Jode van “nie-Jode” (*goyim*) het en selfs van vroue in die algemeen!

In Deel 5 is die gees van Rabbynse Judaïsme en van die Talmud verder ondersoek en is daar bewys gelewer van die verwaande siening dat beide bokant die gesag van YHVH-God verhewe is. Die Rabbis glo dat YHVH die Torah aan Moses gegee het, maar dat die Jode toe die taak opgelê is om die Torah verder te “ontwikkel” – die sogenaamde evolusie van die menslike begrip van YHVH-God. Dit is hoe die mondelinge Torah ontstaan het wat vandag bekend is as die Talmud. Daarom erken iemand soos Rabbi Geller: *The Talmudic image of God is vastly different from the image of God presented in the Bible.*

Rabbynse Judaïsme het hulle eie waarheid aangaande YHVH se Woord ontwikkel. Die Talmud bevat die gedagtes en menings van die Rabbis wat volgens die vleeslike die Woord van YHVH verklaar. Maar Yeshua het verklaar dat ons die Afgesonderde Gees nodig het om die waarheid te ken

Hy is die Gees van die Waarheid, wat die wêreld nie kan ontvang nie omdat dit Hom nie gesien het of Hom geken het nie, maar julle ken Hom omdat Hy by julle bly en in julle is. Joh. 14:17

Wanneer die Bevryder en Lewegewer, wat Ek vir julle van My Vader se Teenwoordigheid af sal stuur, die Gees van die Waarheid, Hy wat van die Teenwoordigheid van My Vader af uitgaan, gekom het, sal Hy van My getuig. Joh. 15:26.

maar wanneer Hy, die Gees van die Waarheid, gekom het, sal Hy julle in die hele waarheid lei, want Hy sal nie uit Homself praat nie, maar alles wat Hy hoor, sal Hy sê en die toekoms aan julle openbaar. Joh. 16:13.

Diegene wat Yeshua verwerp, het die gees van die Antimessias en nie die Afgesonderde Gees nie! Rabbynse Judaïsme het dus nie die Gees van Waarheid nie, en daarom bevat die Talmud ook nie die woorde van die Gees van Waarheid nie!! Dit mag soos waarheid lyk, maar dit is menslike wysheid! Slegs dié wat deur die Gees van God gelei word, dié is kinders van God (Rom. 8:14). Daarom moet ons die woorde van Paulus in 1 Kor. 2:10 tot 16 onthou:

10 God het dit aan ons deur Sy Gees openbaar, want die Gees ondersoek alle dinge, ook die dieptes van God, 11 want wie ken die innerlike van die mens, as dit nie die gees van die mens is wat in hom is nie? Net so weet ook niemand wat in God is nie, behalwe die Gees van God, 12 maar ons het nie die gees van die wêreld ontvang nie, maar die Gees wat vanuit God is sodat ons kan verstaan wat God vir ons uit onverdiende guns gegee het. 13 Dit wat ons ook oor praat, nie met argumente wat die menslike wysheid leer nie, maar met dié wat die Gees van Afsondering leer sodat ons geestelike dinge met geestelike vergelyk. 14 Die natuurlike mens aanvaar nie die dinge van die Gees van God nie, want dit is vir hom dwaasheid en hy kan dit nie verstaan nie omdat dit deur die gees onderskei word, 15 maar die geestelike mens beoordeel alle dinge, maar self word hy deur niemand beoordeel nie. 16 “Want wie het die gedagtes van יהוה geken dat hy Hom sou kon leer?” Ons hét egter die gedagtes van Die Gesalfde Een.

In Deel 6 sal antisemitisme, en die waarskynlike oorsprong daarvan bespreek word. Maar die vraag wat eerstens gevra moet word, is of kritiek en waarskuwing teen Rabbynse Judaïsme gebrandmerk kan word as antisemitisme? Indien die antwoord “ja” sou wees, beteken dit, soos voorheen gemoem, dat Yeshua van antisemitisme beskuldig kan word!

Hoewel haat nooit geregverdig kan word nie, en dit veral geen plek het in die hart en lewe van elkeen wat waarlik wedergebore is, moet ons tog die vraag vra of die Jode self nie skuld het aan die oorsprong van antisemitisme nie? Ons moet onthou dat bitterheid weens haat en onvergifnis ranke voortbring wat baie skade aandoen en baie ander mense sal besoedel!

14 Jaag vrede na met elke mens en jaag afsondering na, waarsonder niemand ons Meester sal sien nie. 15 Wees waaksaam dat niemand onder julle, sonder die onverdiende guns van God gevind word nie of dat 'n wortel van bitterheid ranke voortbring en jou skade aandoen en baie hierdeur besoedel word nie. Heb. 12:14 en 15.

Die “Holocaust” – die groot slagting van Jode – is een bewys van die gevolge van ‘n wortel van bitterheid! Hoewel sommige, en dit sluit selfs gerespekteerde Jode in, sê dat dit was

YHVH se straf vir die Jode se sondes, kan hierdie gebeurtenis nie uit menslike oogpunt ooit geregverdig word nie!

Haat is 'n vorm van onvergifnis en dit is soos om gif te drink in die hoop dat die wat jy nie vergewe het nie, dood sal gaan. Daarom het Yeshua ons geleer om almal te vergewe en om jou vyande lief te hê!

Definisie van Antisemitisme

Eerstens is dit belangrik om beter begrip te hê van die betekenis, maar veral die oorsprong van die woord. Volgens die “Merriam-Webster Dictionary” word antisemitisme soos volg gedefinieër:

Hostility toward or discrimination against Jews as a religious, ethnic, or racial group.


Terwyl in Wikipedia (<https://en.wikipedia.org/wiki/Antisemitism>) word die volgende definisie gebruik:

Antisemitism (or anti-semitism) is hostility, prejudice, or discrimination against Jews. A person who holds such positions is called an antisemite. Antisemitism is widely considered to be a form of racism.

Die grondwoord vir antisemities is *semiet*, maar antisemitisme is egter nie gerig teen alle mense van Semitiese afkoms nie. Die Semitiese volke se aardsvader is Sem, een van die drie seuns van Noag (Gen. 5:32). Hoewel Jafet die oudste was (Gen. 10:21), word die naam van Sem eerste genoem omrede Yeshua Messias uit sy nageslag gekom het. *Sem* beteken *naam* en van daar die Hebreeuse woord *HaShem* – *die Naam*. Die Naam bo alle name, naamlik Yeshua het uit die nageslag van Sem gekom.

⁹ God het Hom daarom ook tot die hoogste plek opgelig en aan Hom die Karakter en Outortiteit (Naam) gegee wat bo elke karakter en outortiteit (Naam) is ¹⁰ sodat elke knie sal buig tot eer van die Karakter en Outortiteit (Naam) wat aan Yeshua gegee is, dié wat in die hemel en dié wat op die aarde en dié wat onder die aarde is ¹¹ en elke tong sal erken dat Yeshua, Die Gesalfde Een, יהוה is, tot eer, lof en aanbidding van God-die-Vader. Fil. 2:9 tot 11.

Abraham was ook uit die nageslag van Sem en dus was Isak en die 12 seuns van Jakob wat die 12 stamme van Israel gevorm het ook van Semitiese afkoms. Maar dit moet onthou word dat die nageslag van Ismael (hoofsaaklik die Arabiere) is ook afstammeling van Sem.



Die huis van Juda wat vandag algemeen as Jode bekend is, sowel die Huis van Efraim (Josef) wat vandag as die sogenaamde tien verlore stamme beskou word, en dus die meerderheid Westerlinge insluit, is almal afstammelinge van Sem. Maar die term antisemitisme verwys egter spesifiek na die Jode en dus hoofsaaklik na die huis van Juda, asook ander wat volgens Israel se wet as “Jood” erken word!

Antisemitisme en Haatspraak

Die term antisemitisme word gebruik as vyandigheid, vooroordeel en diskriminasie teen die Jode wat, soos reeds genoem, hoofsaaklik beskou word as afstammeling van die huis van Juda. Die term antisemitisme is vir die eerste keer in 1879 in Duitsland gebruik as ‘n meer “wetenskaplike” naam vir die Duitse woord *Judenhass*, naamlik Jode-haat.

Die definisie van antisemitisme sluit dus haatspraak in wat in wetlike terme nog nie in alle lande gedefinieer is nie, maar wat algemeen beskou word as:

Dit wat gesê of geskryf word wat aanstoot gee, dreigend of beledigend is teenoor ‘n individu of ‘n groep gebaseer op ras, kleur, godsdiens, nasionaliteit, seksuele voorkeur, liggaamlik en psigiese gebrek of enige ander eienskap.

Maar die term antisemitisme word deesdae misbruik! Dit dien as ‘n wapen in die hande van Jode en die hoofstroom media, want enige kritiek teen die Jode of teen Rabbynse Judaïsme of teen Israel word as antisemitisme en haatspraak gebrandmerk! Kritiek is egter nie noodwendig vyandigheid, vooroordeel of diskriminasie nie! Kritiek op grond van feitelike inligting is waarheid en waarheid is om teen die leuen (anti-leuen) te wees!

Wanneer Rabbynse Judaïsme en Joodse politici egter gekritiseer word, word dit aan die kapstok van antisemitisme gehang en word dit verbind met die “holocaust” – die Joodse slagting. Die res van die wêreld word deur die Jode en die hoofstroom media voortdurend herinner aan die “holocaust”! Op die wyse word gepoog om die wat dit waag om die Jode en Israel te kritiseer skuldig te laat voel!

Luister na wat Shulamit Aloni, ‘n voormalige Israeliese minister, sê: *Anti-Semitic, It is a Trick, We always use it.* <https://www.youtube.com/watch?v=D0kWAqZxJVE>

Maar terug by haatspraak. Indien die definisie van haatspraak aanvaar word, dan moet ons beslis die vraag vra of Rabbynse Judaïsme en die Israeliese politici ook nie in die beskuldigingbank moet staan nie? In Deel 4 het ons bewys gelever van haatspraak deur Rabbynse Judaïsme en Israeliese politici! Ek herhaal enkele daarvan:

- [Die baie bekende Rabbi Menachem Mendel Schneerson \(die Chabad-Lubavitcher Rebbe – wat in sy leeftyd homself gesien het as die Messias\) het die volgende gesê: “A non-Jewish soul comes from three Satanic spheres, while the Jewish soul stems from holiness”.](#)
- *If a non-Jew killed another non-Jew, or a non-Jew killed a Jew, the killer is liable for execution; if a Jew killed a non-Jew, he is exempt from punishment* – Quoted from the *Babylonian Talmud: Steinsaltz Edition*, Sanhedrin 57A.
- In chapter one of *Tanya*, Rabbi Zalman imparts the teaching that non-Jewish souls, “emanate from the unclean *kelipot* which contain no good whatever” – Quoted from the Lubavitch-authorized edition of *Likutei Amarim Tanya* by Rabbi Schneur Zalman

of Lyady, Bi-Lingual Hebrew-English edition [Brooklyn, New York, Kehot Publication Society, 1993].

- "The Jew by his source and in his very essence is entirely good. The *goy* (non-Jew), by his source and in his very essence, is completely evil. This is not simply a matter of religious distinction, but rather of two completely different species ('*shnei minim nifradim*')." – Quoted from Rabbi Sadya Grama, *Romemut Yisrael Ufarashat Hagalut*. (Rabbi Grama is a graduate of Beth Medrash Govoha, a renowned Orthodox yeshiva in Lakewood, New Jersey).
- "What he (Rabbi Grama) seems to be saying is that Jews have a '*ruchniyus*' (spiritual) dimension that is part of their essential makeup and that renders them inherently distinct and superior." – Quoted from Chaim Dovid Zwiebel, executive vice president for government and public affairs of Agudath Israel of America, describing the thesis of Rabbi Grama.
- Die Israeliese adjunkminister van verdediging, Eli Ben-Dahan, het in 2013 in 'n radio onderhoud die volgende aangaande die Palestyne gesê: "*To me, they are like animals, they aren't human. The Palestinians aren't educated towards peace, nor do they want it,*" Die verslaggewer, Tamar Peleggi, berig verder soos volg: *Later that year, while discussing his opposition to Knesset legislation that would offer same-sex parents the same tax breaks as their heterosexual counterparts, Ben Dahan told Maariv that homosexual Jews were superior than gentiles — gay or straight. "A Jew always has a much higher soul than a gentile, even if he is a homosexual," he said.*

Hoekom is uitsprake soos die nie voorbladnuus nie? Hoekom word die Talmud met sy laster van Yeshua en neerhalende siening van nie-Jode nie as 'n ongewenste publikasie verban nie? Hoekom word die openbare bespotting van Yeshua op Israel se televisie nie deur die hoofstroom media veroordeel nie, en ja, self nie eers deur meerderheid van die Christendom of Messiaanse Beweging nie!? Is Rabbynse Judaïsme en die inhoud van die Talmud nie 'n erge vorm van rassisme nie? Bedink die vraag en gee 'n eerlike antwoord! Wat sou gebeur indien blankes soortgelyke uitsprake oor anderskleuriges maak? Jy en ek ken die antwoord!

Het die misbruik van antisemitisme bygedra tot 'n "vrees" vir die Jode? Hoekom is daar 'n vrees vir, asook 'n verswyging van sekere feite aangaande die Jode? Die volgende video gee antwoorde op hierdie vrae en is die moeite werd om te kyk: "Can You Handle The Facts About Jews": https://www.youtube.com/watch?v=o2vp_OoT8DI

Maar terug by ons aanvanklike vraag, naamlik: Wat is die waarskynlike oorsprong van antisemitisme?

Die Talmud en Antisemitisme

Eerstens moet ons vra hoekom die Talmud vir eeue weerhou was van nie-Jode? Dit is eers in die jare 1934 tot 1948 dat daar 'n bruikbare vertaling van die Talmud, bekend as die Soncino Uitgawe, verskyn het. Tweedens moet gevra word hoekom volgens die eertydse geskiedenis van Europa is daar opdrag deur die Pousdom en ander regeringshoofde gegee dat die Talmud verbrand moet word?

Indien jy Deel 1 tot 5 in hierdie reeks gelees het is die antwoord voor die handliggend, want beide vrae hou verband met die eeu-oue gesindheid van Rabbynse Judaïsme en met die inhoud van die Talmud. Soos die Talmud se lastering van Yeshua en die neerhalende siening van nie-Jode en vroue meer bekend geraak het, is die lees van die Talmud verbied en is

opdrag gegee dat enige Talmud geskifte verbrand moet word. Dit was ook die begin van die vervolging van Jode!

Was die verbranding van die Talmud antisemitisme of was dit 'n poging om haatspraak deur Jode uit te wis? Was dit om aanvalle teen die Christendom af te weer? Ek vra weer die vraag: Wat sou gebeur indien blankes soortgelyke uitsprake oor anderskleuriges en hul geloofsoortuiging maak en dit in boekvorm publiseer?

'n Eerlike gevolgtrekking is dat die Jode ook deel het aan die ontstaan van antisemitisme. Een van die vernaamste grondliggende redes is dat Rabbynse Judaïsme glo dat die geskrewe en mondelinge Torah slegs vir Israel, en vir geen ander volk, gegee is nie soos bevestig word in die Babylonian Talmud: Tractate Gittin 60b waar dit geskrywe is: *God made a covenant with Israel only for the sake of that which was transmitted orally, as it says, For by the mouth of these words I have made a covenant with thee and with Israel.* En hierby het Rabbi Johanan gesê: *A heathen who studies the Torah deserves death for it is written, Moses commanded us a law for an inheritance; Deut. 33:4; it is our inheritance, not theirs* (Babylonian Talmud: Tractate Sanhedrin Folio 59a).⁴

Bogenoemde uitsprake is die basis van die siening dat die Jodedom 'n "uitverkore" volk is, verhewe bo enige ander volk! Volgens hedendaagse definisie word dit rassisme genoem!!

Dan moet ons ook nie vergeet nie dat die vervolging van diegene wat Yeshua as Messias aangeneem het, was aanvanklik die Fariseërs en later Rabbynse Judaïsme. Hierdie vervolging het voortgeduur tot minstens die sesde eeu na Messias. Meer inligting hieroor is beskikbaar by: http://en.metapedia.org/wiki/Jewish_persecution_of_Christians

Henry Makow som dit soos volg op:

We cannot change the truth just because we don't like it. The real cause of anti-Semitism is found in the Jewish religion and in the role of the Jewish elite, their lackeys and dupes.

Martin Luther en Antisemitisme

Diegene wat die geskiedenis van Martin Luther navors sal 'n interessante ontdekking maak, naamlik: Luther was tydens, en kort na sy skeuring met die Roomse Kerk, die Jode baie goedgesind. Ek haal die volgende aan uit "The Jewish Religion: Its Influence Today" van Elizabeth Dilling (<http://www.come-and-hear.com/dilling/dcontents.html>).

"Almost immediately Jews flocked to the new Protestant banner. Luther was sought after by 4 Jews. He in turn wrote a laudatory publication, "Jesus Christ Was Born a Jew," filled with sympathy for their long unbelief, which Luther laid to the unsympathetic attitude of the Catholic Popes and hierarchy, and on his part welcoming the Jews to his heart.

Present-day Catholic and Protestant sources are largely ignorant, however, of the fact that, later, Luther found that Jews who had encouraged him to break with the Church were attempting to Judaize his followers. He then read the Talmud, as introduced to him by a truly converted Jew. Afterwards, he wrote "The Jews and Their Lies," with such

⁴ Hierdie is 'n gruwelike leuen, want YHVH het aan Moses gesê dat daar een Torah vir alle volke is. Verwys Ex. 12:49; Lev. 24:22; Num. 9:14; Num. 15:15, 16 en 29.

denunciatory philippics that they make parallel utterances of the Popes almost pale by comparison — this only after he became aware of the truth”.

In “The Jews and Their Lies” het Martin Luther ondermeer die volgende geskryf:

They exalt themselves and praise God for separating them from the heathen ...In order that their raving, frantic and foolish nonsense might be perfect, they praise and thank God, first, that they are human beings and not animals; secondly, that they are Israelites and not Goyim (heathen); thirdly, that they were created as Men and not as Women.

Nadat Martin Luther deeglike kennis van die Talmud opgedoen het, het hy ‘n groot deel van die res van sy lewe spandeer om die Christendom te waarsku teen Rabbynse Judaïsme, maar ook teen die Jode se invloed in die ekonomie en politiek van wêreldregerings. Talle van sy latere uitsprake en veroordeling van die Jode kan as antisemities beskou word. Hoewel dit nie as geregverdig beskou moet word nie, is die feit dat die oorsprong daarvan Luther se kennis was van dit wat in die Talmud geskryf is, en deur Rabbis verkondig word, naamlik die openlike haat van Yeshua en Christene.

Die volgende kort getuienis van Brother Nathanael, wat as ortodokse Jood opgegroeï het, is bevestiging van hierdie haat: (<https://www.youtube.com/watch?v=fGTp1Q162Gw>) – “Why I Left Judaism”.

Die Karaïete en die Talmud

Dit is nie alle Ortodokse Jode wat hulle lewe volgens die Talmud rig nie. Die Karaïete verwerp die Talmud en volg slegs die Torah van Moses. Die webblad “Karaite Korner” gee die volgnede inligting:

Karaism is the original form of Judaism as prescribed by God in the Torah. Karaite Judaism rejects later additions to the Tanach (Jewish Bible) such as the Rabbinic Oral Law and places the ultimate responsibility of interpreting the Bible on each individual. Karaism does not reject Biblical interpretation but rather holds every interpretation up to the same objective scrutiny regardless of its source (<https://www.karaite-korner.org/>).

Opsommend

Hoewel haat nie deel van die lewe van wedergebore kinders van YHVH-God moet wees nie, moet ons verstaan hoekom antisemitisme ontstaan het. Fariseïsme en Rabbynse Judaïsme het skuld daaraan! Alle Jode het nie skuld hieraan nie, maar hulle geestelike leiers veroorsaak dat die onskuldiges ook ly.

Ons as volgelinge van Yeshua moet die misleiding van Rabbynse Judaïsme en die Talmud ontbloot en nie skroom om dit met die swaard van die Gees, wat die Boodskap van God is, te beveg nie!

Sit die kopskerm van verlossing op en tel die swaard van die Gees op, wat die Boodskap van God is. Efes. 6:17.

-0-0-0-0-0-0-

Deel 7: Kabbalah en die Zohar

Hersiening

In Deel 4 is die gees wat Rabbynse Judaïsme, en wat ook in die Talmud openbaar word, bespreek. Aangesien Rabbynse Judaïsme ontken dat Yeshua die Messias is, is dit volgens die Skrifte van die nuwe verbond die gees van die Antimessias wat openbaar word (1 Joh. 2:22 en 23; 1 Joh. 4:2 en 3; 2 Joh. 1:7). Dit is dus ook hierdie gees wat in die Talmud openbaar word soos bewys word deur die lasterlike uitsprake teenoor Yeshua en Christene, asook die minderwaardige siening wat Jode van “nie-Jode” (*goyim*) het en selfs van vroue in die algemeen!

In Deel 5 is bewys gelewer van die verwaande siening dat beide Rabbynse Judaïsme en die Talmud bokant die gesag van YHVH-God verhewe is. Die Rabbis glo dat YHVH die Torah aan Moses gegee het, maar dat die Jode toe die taak opgelê is om die Torah verder te “ontwikkel” – die sogenaamde evolusie van die menslike begrip van YHVH-God. Dit is hoe die mondelinge Torah ontstaan het en wat vandag bekend is as die Talmud.

Rabbynse Judaïsme het hulle eie waarheid aangaande YHVH se Woord ontwikkel. Die Talmud bevat die gedagtes en menings van die Rabbis wat volgens die vleeslike die Woord van YHVH verklaar. Maar Yeshua het gesê dat ons die Afgesonderde Gees nodig het om die waarheid te ken (Joh. 14:17; Joh. 15:26 en Joh. 16:13).

Diegene wat Yeshua verwerp, het die gees van die Antimessias en nie die Afgesonderde Gees nie! Rabbynse Judaïsme het dus nie die Gees van Waarheid nie, en daarom bevat die Talmud ook nie die woorde van die Gees van Waarheid nie!! Dit mag soos waarheid lyk, maar dit is menslike wysheid! Slegs dié wat deur die Gees van God gelei word, dié is kinders van God (Rom. 8:14).

Die gees van die Antimessias word soveel duideliker openbaar deur die uitoefening van Kabbalah en in die Zohar en verwante skrifte!

Wat is Kabbalah

Baie is bekend met die term ‘Kabbalah’ (Kabbala, Kabala, Cabbala, Cabala), maar min weet wat dit werklik beteken of behels. Hoewel daar deesdae baie vertakings (vorme) van Kabbalah bestaan, kan die oorsprong daarvan teruggevoer word na antieke Babilon. Daarom is Kabbalah reeds vir eeue deel van Rabbynse Judaïsme, hoewel dit nie deur alle Ortodokse Jode gepraktiseer word nie. Kabbalah is egter ‘n integrerende deel van Chassidiese (Hassidiese) Judaïsme en dele vanuit Kabbalistiese bronne sal byvoorbeeld in hul gebede boeke ingesluit word.

Die belangrikste is om te verstaan dat beide die Talmud, soos voorheen reeds bespreek is, en Kabbalah met Babiloniese afgodery besoedel is!! Babilon beteken ‘verwarring’ en Satan het ten doel om verwarring te skep deur die waarheid en die leuen te meng op ‘n wyse dat dit steeds soos die waarheid lyk, maar ‘n gruwel in YHVH se oë is.

Die vrou was aangetrek met pers en skarlakenrooi en versier met goud, edelstene en pêrels en sy het in haar hand ’n goue beker gehad, vol verwerplikhede en die vuilheid van haar seksuele immoraliteit en tussen haar oë is geskryf: die geheime, groot Bavel, die moeder van hoere en van die vuilhede van die aarde. Open. 17:4 en 5.

Die bedoeling is nie om Kabbalah volgens Rabbynse Judaïsme volledig te bespreek nie, maar om slegs sekere basiese inligting te gee wat as waarskuwing sal dien om nie daaraan deel te

hê nie!! Die inligting wat in hierdie skrywe vervat is, is egter slegs die puntjie van die ysberg – die oortjies van die seekoei!

Vir eeue lank was Kabbalah geheim gehou en was dit slegs toeganklik vir diegene wat ‘n sekere geestelike vlak bereik het, gewoonlik op die ouderdom van 40 nadat hulle hul studies van die Torah en die Talmud voltooi het. Die blote feit dat Kabbalah geen erkenning aan Yeshua Messias gee nie, en dat dit slegs bedoel is vir ‘n uitgesoekte groep wat ‘n sekere geestelike vlak bereik het, behoort voldoende bewys te wees dat die Afgesonderde Gees van YHVH niks hiermee te doen het nie!

Die dissipels van Kabbalah is geestelik blind en dus mislei. Hulle bedoelings en soeke na die waarheid is meestal opreg, maar hulle ken nie YHVH-God se geregtigheid nie. Paulus verduidelik dit in Rom. 10:1 tot 4 soos volg:

1 My broers, die begeerte van my verstand, wil en emosie en my intrede voor God vir hulle, is vir hulle onthalwe dat hulle gered mag word, 2 want ek getuig van hulle dat hulle 'n ywer vir God in hulle het, maar nie in kennis nie 3 omdat hulle die onpartydige opregtheid van God nie ken nie, maar hulle eie onpartydige opregtheid probeer oprig; daarom het hulle die onpartydige opregtheid van God nie gehoorsaam nie, 4 want die einddoel van die geskrewe wet is Die Gesalfde Een tot onpartydige opregtheid aan elkeen wat vertrou.

Vir Rabbynse Judaïsme het Kabbalah geen negatiewe of boosaardige verbintenis nie, want die gees wat Kabbalah dryf is Satan wat hom voordoen as ‘n engel van die lig (2 Kor. 11:14). En tog is dit interessant dat die Afrikaanse woord ‘kabaal’ afgelei is van ‘kabbalah’ en die betekenis bevat die gedagte van ‘geheimsinnig’ en ‘knoeiery’.

Kabbalah word ook die ‘siel van die Torah’, die ‘innerlike Torah’ en die ‘wysheid van die waarheid’ genoem. Dit is reeds vir eeue die mistieke (geheimenisse) van die Jodedom. Beoefening van Kabbalah, so word gegelo, openbaar die geheime en wysheid van Torah en die Talmud op ‘n mistieke wyse! Dit is ook glo die wyse om voldoening op elke vlak van die lewe te ondervind.

Volgens www.aish.com die volgende:

Kabbalah is to Torah what philosophy is to science. Kabbalah is the Torah's expression of the way the world works.

Daarom is Kabbalah afgelei van die Hebreeuse woord *kabeil* wat ‘ontvang’ of ‘aanvaar’ beteken. Die ‘uitgesoektes’ of die wat gekies is, ontvang (aanvaar) ondermeer die geheimenisse (openbaringe) en wysheid van:

- Die doel van die skepping.
- Die mistieke werking van die heelal.
- Die essensie van God deur ondermeer antropomorfiese (vermenslikte) analogieë (ooreenkomste, vergelykings).
- ‘n Verhoogde staat van meditasie en bewusmaking deur middel van die gebruik van God se Naam en (herhalende) magiese uitsprake (‘mantras’ – ‘n herhaling van woorde of klank tydens meditasie).
- Die beïnvloeding van die verloop van die natuur.

Die baie bekende Kabbalis Rav Michael Laitman (Ph.D) gee die volgende verduideliking: *Kabbalah teaches us how to discover the force that guides us, and in doing so, receive infinite joy and pleasure.* (<http://www.kabbalahnewyork.com/>).

Hierdie ontdekking van *the force that guides us* (die mag of magte wat ons lei) verwys **nie** na die Gees van YHVH nie, maar na magte en ‘n ander gees of geeste!! Dit opsigself is genoeg rede om Kabbalah as die gees van die Antimessias te beskou, want dit is alleenlik die Afgesonderde Gees wat elkeen wat werdergebore is moet leer en lei, soos wat Yeshua bevestig het toe Hy gesê het:

Hierdie dinge het Ek vir julle gesê terwyl Ek by julle is, maar die Bevryder en Lewegewer, die Gees van Afsondering, wat My Vader in My Outoriteit en Karakter sal stuur, sal julle alles leer en julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het. Joh. 14:25 en 26.

Daar is een Skepper-God en Sy Naam is YHVH (Yahuah) wat ons deur Sy Gees sal leer en herinner om alles te doen wat Yeshua Die Geselfde Een ons geleer het. As koninklike priesters volgens die orde van Melgisédék moet geen ander gees die mag of magte (*the force that guides us*) wees wat ons lei nie, want dan is dit demoniese manifestasies!

Soos reeds genoem is die volgelinge van Kabbalah se doel en begeerte om sogenaamde verborge kennis en wysheid te bekom.

Die bekende Kabbalis Yehuda Ashlag (Baal HaSulam) verduidelik in sy artikel “[The Essence of the Wisdom of Kabbalah](#)” hierdie wysheid soos volg:

This wisdom is no more and no less than a sequence of roots, which hang down by way of cause and effect, in fixed, determined rules, interweaving to a single, exalted goal described as, “the revelation of His Godliness to His creatures in this world.”

Op die webblad van Bnei Baruch (<http://www.kabbalahnewyork.com/>) word daar dan soos volg uitgebrei op hierdie woorde van Yehuda Ashlag:

*In simpler words, there is **an upper, all-inclusive force**, or “the Creator,” controlling everything in reality. All the **world’s forces** descend from this **comprehensive force**. Some of these forces are familiar to us, such as gravity or electricity, while there are forces of a higher order that act while remaining hidden to us.*

*Kabbalah holds the map or the knowledge of how these **hidden forces** are structured, and the laws by which they influence us. It teaches us (through books such as The Zohar and other means) how to develop a sense of **these forces**, and finally, discover their only purpose – to bring us to the revelation of the Creator, the all-inclusive law of nature, while living in this world.*

Weereens moet daar gelet word op die verwysing na ‘n *upper, all-inclusive force, world’s forces, hidden forces and these forces*. Terwyl sommige van hierdie magte as die natuurwette beskou word, word daar ook na ander *hidden forces* (verskuilde en geheime magte) verwys! Aangesien Kabbalah met die geesteswêreld te doen het, kan ons met sekerheid weet dat hier ook gepraat word van demoniese magte!

Hoewel Kabbalah vir eeue lank ‘n goed bewaarde geheim was, is daar hedendaags talle organisasies binne en buite Israel wat kursusse en studiemateriaal aanbied om mense alles te leer aangaande Kabbalah. So byvoorbeeld is die doel van die *Bnei Baruch* organisasie die volgende:

Bnei Baruch is an educational organization that is dedicated to spreading the Wisdom of Kabbalah to English speakers. Our mission is to make available authentic Kabbalah materials to anyone who seeks to understand the true purpose of their life.

Let weereens op die volgende: ...*to make available authentic Kabbalah materials to anyone who seeks to understand the true purpose of their life.* Het ons verskuilde magte en vreemde demoniese geeste nodig om ons lewensdoel as wedergebore en Geesge vulde dienaars van YHVH te verstaan? Nee, want Yeshua is ons Brood wat ware Lewe gee en Hy is die Fontein wat ons geestelike dors les!

33 want die Brood van God, is Hy wat vanuit die hemel afgekom het en aan die wêreld die lewe gee.” 34Hulle antwoord Hom: “Ons Meester, gee altyd vir ons hierdie Brood.” 35 Yeshua sê vir hulle: “ אֲנִי אֵלֶּיכֶם - Ek is, was, sal wees Wie Ek is, was, sal wees, die Brood van Lewe; wie na My toe kom, sal nooit honger wees nie en wie in My vertrou, sal nooit dors wees nie, tot in ewigheid, Joh. 6:33 tot 35.

Let ook op die volgende:*to make available authentic Kabbalah materials to anyone!!* Kabbalah is vir enige iemand wat hierdie verborge kennis en wysheid wil bekom! Hier word geen melding gemaak van ‘n vereiste om in die ware Skepper-God, YHVH El Shaddai – die Magtige God wat meer as genoeg is (Ex. 6:3) – te glo nie!

Die God van ons Meester, Yeshua, Die Gesalfde Een, die Vader van eer, lof en aanbidding, gee aan ons die Gees van wysheid en openbaring saam met kennis van Hom. Nie Kabbalah nie!! Paulus verduidelik dit soos volg in Efes. 1:15 tot 23:

15 Om hierdie rede, let op, vandat ek gehoor het van julle vertroue wat in ons Meester Yeshua is en julle liefde tot die afgesonderdes, 16 hou ek nie op om dankie te sê vir julle en om julle te onthou in my gebede nie 17 sodat die God van ons Meester, Yeshua, Die Gesalfde Een, die Vader van eer, lof en aanbidding, aan julle die Gees van wysheid en openbaring mag gee saam met kennis van Hom 18 en dat die oë van julle verstand, wil en emosie verhelder sal word sodat julle kan weet wat die versekerde verwagting van Sy roeping en wat die rykdom van Sy erfdeel van eer en lof is onder die afgesonderdes 19 en wat die oorvloedige grootheid van Sy wonderwerkende krag is, in ons wat vertrou, volgens die effektiewe aksie van Sy krag 20 wat Hy gewerk het in Die Gesalfde Een toe Hy Hom uit die dood uit opgewek het en Hom laat sit het aan Sy regterhand in die hemel, 21 ver bo alle heersers, outoriteite, wonderwerkende kragte, meesters en elke karakter en outoriteit (naam) wat genoem word, nie alleen in hierdie wêreld nie, maar ook in dié een wat kom. 22 Hy het alles in gehoorsaamheid onder Sy voete gesit³ en Hom wat hoër as alles is as Hoof oor die gemeente, 23 wat Sy liggaam is, gegee; die volledigheid van Hom wat alles in almal volledig maak.

Dit is deur vertroue in Yeshua dat die oë van ons verstand, wil en emosie verhelder word sodat ons kan weet wat die versekerde verwagting van Sy roeping is en wat die rykdom van Sy erfdeel van eer en lof is onder ons as die afgesonderdes en wat die oorvloedige grootheid van Sy wonderwerkende krag is, in ons wat vertrou!

Rabbynse Judaïsme het Yeshua verwerp en daarom is Kabbalah ‘n poging om by wyse van die natuurwette en vreemde geeste antwoorde oor die doel van die lewe te vind, asook om vrede, voorspoed, gesondheid en vergenoegdheid op dié wyse deelagtig te wees! Dit herinner ons aan die woorde van Paulus wat van toepassing is op Rabbynse Judaïsme en elkeen wat ‘n student van Kabbalah is:

7 want die geheime van die wetsoortreders is alreeds aktief aan die werk, net totdat hy wat nou beheer, verwyder word ⁸ en dan sal die Wettelose openbaar word; hy wat met die asem van ons Meester, Yeshua se mond vernietig sal word en deur die openbaring van Sy koms tot niet gemaak sal word. ⁹ Die koms van dié een is volgens die werking van die teëstander, in elke vals krag, tekens en wonderwerke ¹⁰ en met elke misleiding van boosheid in wat vernietig word, want hulle het nie die liefde vir die waarheid aanvaar waarin hulle lewe sou hê nie. ¹¹ God het daarom vir hulle die effektiewe werking van die misleiding gestuur dat hulle die leuen sal glo. ¹² Almal wat nie vertrou het in die waarheid nie, maar boosheid gekies het, sal geoordeel word. 2 Thess. 2:7 tot 12.

Paulus sê dat die koms van die Antimessias – die teëstander – gepaard sal gaan met vals krag, tekens en wonderwerke en met elke misleiding van boosheid in wat vernietig word, want hulle het nie die liefde vir die waarheid aanvaar waarin hulle lewe sou hê nie. Daarom het YHWH vir hulle die effektiewe werking (die krag) van die misleiding gestuur sodat hulle die leuen sal glo.

Daarom sal almal wat nie vertrou het in die Waarheid nie, maar boosheid gekies het, geoordeel word. Kabbalah is boosheid, en elkeen wat gekies het om 'n volgeling daarvan te wees, sal geoordeel word!!

Kabbalah En Ander Geloofspraktyke.

'n Studie van Kabbalah toon duidelike ooreenkomste met ander geloofspraktyke, ondermeer die volgende:

- Vrymesselary.
- Toorkuns en hekserie.
- Okkultisme.
- Gnostisisme.
- Astrologie.
- 'New Age'.
- Islam, Hinduïsme
- Joga.

Op die webblad van Judaism 101 (<http://www.jewfaq.org/kabbalah.htm>) is die volgende verduideliking insake toordery (towerkuns) en Kabbalah:

I do not mean to suggest that magic is not a part of Kabbalah. There are certainly many traditional Jewish stories that involve the use of hidden knowledge to affect the world in ways that could be described as magic. The Talmud and other sources ascribe supernatural activities to many great rabbis. Some rabbis pronounced a name of G-d and ascended into heaven to consult with the G-d and the angels on issues of great public concern. One scholar is said to have created an artificial man by reciting various names of G-d. Much later stories tell of a rabbi who created a man out of clay (a golem) and brought it to life by putting in its mouth a piece of paper with a name of G-d on it.

Hierdie webblad beweer ook dat Yeshua wonderwerke verrig het deur Kabbalistiese tegnieke te gebruik wat Hy by die Esseneërs van Qumran geleer het.

Praktiese Toepassing van Kabbalah

In die praktiese toepassing en uitleef van Kabbalah word daar ondermeer gebruik gemaak van die volgende ‘hulpmiddels’:

- Besweringe (towerspreuke). Insluitend die vervloeking van mense. Hierdie ritueel is bekend as *Pulsa diNura* of *Pulsa Denoura* (Aramamees: דנורא פולסא "lashes of fire") en word gevind in antieke Hebreeuse geskrifte soos die *Sefer ha-Razim* en in die *Harba de-Moshe*. Hierdie ritueel word beskryf as a *purportedly kabbalistic ceremony in which the angels of destruction (החבלה מלאכי) are invoked to block heavenly forgiveness of the subject's sins, causing all the curses named in the Bible to befall him resulting in his death. It is the curse of all curses.* Die volgende skakels word aanbeveel:


https://www.youtube.com/watch?v=iIEMoj_K5KA Pulsa DiNura – The Most Severe Curse in Judaism.

<https://www.youtube.com/watch?v=zXG2jhvGHd8> Ariel Sharon dies of Kabbalah killing curse.

- Gelukbringers (talismans). Byvoorbeeld ‘n helderrooi woltoutjie wat sewe maal geknoop is en aan die linker gewrig as beskerming gedra word. Dit is ook die gebruik by Hinduïsme! Die webblad <https://www.kabalatalisman.com/> verskaf byvoorbeeld die volgende inligting: *Rabbi David Azulai is a **Kabbalah** teacher.... has more than 30 years of experience of writing talismans..... Every talisman is unique and addresses a particular problem. The writing process of such talismans is quite complex and time consuming. Only those who understand Kabala and possess divine powers can create such powerful and impactful talismans. From ancient time, people across the globe have been using amulets and talismans to improve their luck, love life, business and carer performance and overall wellbeing.* Wat is hierdie anders as Afrika toordokters met hulle dolosse en mutis?
- Chiromansie (handkykery; handpalmlesery).
- Fisionomie (gelaatkunde; persoonlikheidsbepaling deur uiterlike gelaatstrekke).
- Fokus op Hebreeuse letters vir genesing en beskerming, asook vir emosionele en geestelike ‘suiwering’.

Kabbalah Se Boom Van Die Lewe

Volgens Kabbalah is die ware wese van God bekend as *Ein Sof* en beteken ‘sonder einde’ en omsluit die konsep van sonder grense in terme van tyd en ruimte en dat Sy voortreflikhede (hoedanighede) onbeskryfbaar is. Daar word geglo dat die *Ein Sof* se voortreflikhede van so ‘n aard is dat daar geen direkte interaksie met die Skepping kan wees nie. Daarom word geglo dat die interaksie met die skepping by wyse van openbaarmakings van die *Ein Sof* geskied. Hierdie openbaarmakings staan bekend as die tien *Sefirot* en word ook die boom van die *Sefirot* of die boom van Kabbalah genoem. Dit word diagramaties soos volg uitgebeeld en verduidelik (<http://www.jewfaq.org/kabbalah.htm>):



Keter (the crown), Chokhmah (wisdom), Binah (intuition, understanding), Chesed (mercy) or Gedulah (greatness), Gevurah (strength), Tiferet (glory), Netzach (victory), Hod (majesty), Yesod (foundation) and Malkut (sovereignty).

The Ten Sefirot include both masculine and feminine qualities. Kabbalah pays a great deal of attention to the feminine aspects of G-d.

The Sefirot connect with everything in the universe, including humanity. The good and evil that we do resonates through the Sefirot and affects the entire universe, up to and including G-d Himself.

Ten slotte: Ek wil dit weereens duidelik maak dat hierdie skrywe 'n baie kort verduideliking van Kabbalah is. Daar is baie meer inligting beskikbaar en daar is baie uiteenlopende sieninge. Maar die mees belangrike is om te verstaan dat Kabbalah 'n openbaring is van die gees van die Antimessias. Dit het weinig, indien enige, Skriftuurlike gronde en is soos die Talmud 'n verwerping van Yshua as die Messias! Dit is Satan wat hom voordoen as 'n engel van die lig!

14 Moenie saam met ongelowiges gejuk wees nie. Watter deel het onpartydige opregtheid met die oortreding van die wet en watter gemeenskap het lig met die duisternis? 15 Of watter ooreenstemming het Die Gesalfde Een met die teëstander; of watter deelname het die wat vertrou met die ongelowige? 16 Watter ooreenkoms het die tempel van God met demone? Julle is die tempel van die lewende God, net soos gesê is: "Ek sal in hulle bly en Ek sal in hulle leef en Ek sal hulle God wees en hulle sal vir My 'n volk wees." 17 "As gevolg hiervan," sê יהוה, "gaan van tussen hulle uit, skei jou af van hulle, raak nie die dinge wat onrein is, aan nie" 18 en Ek sal julle ontvang 18 en Ek sal vir julle 'n Vader wees en julle sal vir My seuns en dogters wees," sê יהוה, wat almal vashou. 2 Kor. 6:14 tot 18.

Webbladskakels: Die volgende word aanbeveel:

- <https://www.youtube.com/watch?v=vxJ8XVCnbKI> Secrets of Kabbalah: The Ancient Babylonian Mysticism (Full Documentary).
- <https://www.youtube.com/watch?v=ZtRgXPjZsME> The Kabbalah- What it truly is part 1.
- <https://www.youtube.com/watch?v=-xdSnZO7KQY> A Devil in Disguise - Kabbalah Magick, Mystery Babylon & Ancient Forbidden Knowledge - pt9 .

Die Zohar

Die Zohar is die "heilige skrifte" van Kabbalah en sal in Deel 8 meer volledig bespreek word.

-O-O-O-O-O-O-O-

Deel 8: Die Zohar

Hersiening

In Deel 7 is Kabbalah as deel van Rabbynse Judaïsme bespreek, asook die oorsprong daarvan wat teruggevoer kan word na antieke Babilon.

Kabbalah is reeds vir eeue die mistieke (geheimenisse) van die Jodedom en word ondermeer die ‘siel van die Torah’, die ‘innerlike Torah’ en die ‘wysheid van die waarheid’ genoem. Beoefening van Kabbalah, so word gegelo, openbaar die geheime en wysheid van Torah en die Talmud op ‘n mistieke wyse! Dit word ook voorgelê as die wyse om voldoening op elke vlak van die lewe te ondervind.

Hoewel Kabbalah nie deur alle Ortodokse Jode gepraaktiseer word nie, is dit wel ‘n integrerende deel van Chassidiese (Hassidiese) Judaïsme.

Hoewel Kabbalah vir eeue lank ‘n goed bewaarde geheim was, is daar hedendaags talle organisasies binne en buite Israel wat kursusse en studiemateriaal aanbied om mense alles te leer aangaande Kabbalah. Deesdae is daar egter ook baie vertakkings (vorme) van Kabbalah wat deur gewilde Hollywoodsterre en supersterre van die musiekbedryf as geloofspraktyk gevolg word!

Die belangrikste is om te verstaan dat beide die Talmud en Kabbalah met Babiloniese afgodery besoeë is!! Babilon beteken ‘verwarring’ en Satan het ten doel om verwarring te skep deur die waarheid en die leuen te meng op ‘n wyse dat dit steeds soos die waarheid lyk! Daarom is beide die Talmud en Kabbalah die gees van die Antimessias en is dit ‘n gruwel in YHVH se oë.

In Deel 8 sal die Zohar bespreek word wat as die “heilige skrifte” van Kabbalah beskou word. Kabbalah en die Zohar loop hand aan hand!

Weereens wil ek herhaal dat die doel is, net soos met die Talmud en Kabbalah, nie om die Zohar volledig te bespreek nie, maar om, soos met die hele reeks, te waarsku teen die gevare van Rabbynse Judaïsme waarvan die Talmud, Kabbalah en die Zohar ‘n groot deel uitmaak.

*One of the most common deceptions among Christians returning to the Jewish Roots of the Faith is the entanglement with unbiblical “Jewish” traditions and especially the Kabbalah and the Talmud! It is imperative that we understand that not everything “Jewish” is also “Hebrew” or Biblical. **Judaism is a religious system much like Christianity that its source is in the poisonous tree of Knowledge of Good and Evil.** (<http://kad-esh.org/flee-the-kabbalah-deception/>)*

Wat Is Die Zohar?

Zohar (Hebreeus: זֹהָר) beteken *prag, grootsheid en glans* en is die grondslag van al die literatuur van die mistieke (die geheimenisse) van Kabbalah en dus van Rabbynse Judaïsme. Die Zohar beslaan etlike volumes geskryfde waarin ondermeer die mistieke aspekte van die Torah bespreek word, asook die mistieke van die skeppingsleer en mistieke psigologie. Die Zohar bevat ook besprekings oor die aard van God, die oorsprong en samestelling van die heelal, die aard van die siel, verlossing, die verwantskap tussen ‘universiële energie’ en die mens, en vele meer mistieke onderwerpe.

Volgens Bnei Baruch Kabbalah (<http://www.kabbalah.info>) word die Zohar soos volg beskryf:

The Zohar is a collection of commentaries on the Torah, intended to guide people who have already achieved high spiritual degrees to the root (origin) of their souls.

The Zohar contains all the spiritual states that people experience as their souls evolve. At the end of the process, the souls achieve what Kabbalah refers to as “the end of correction,” the highest level of spiritual wholeness.

To those without spiritual attainment, The Zohar reads like a collection of allegories and legends that can be interpreted and perceived differently by each individual. But to those with spiritual attainment, i.e. Kabbalists, The Zohar is a practical guide to inner actions that one performs in order to discover deeper, higher states of perception and sensation.

The purpose of The Zohar is to be a guide for people to attain the origin of their souls.

Die eerste publikasie van die Zohar deur Rabbi Moses de Leòn was in die dertiende eeu in Spanje (<https://en.wikipedia.org/wiki/Zohar>). Volgens ander bronne was die Zohar reeds gedurende die elfde eeu geskryf (www.kabbalah.info). Maar Rabbi de Leòn het beweer dat die welbekende Rabbi van die tweede eeu, Shimon bar Yochai, ook bekend as Rashbi, die Zohar geskryf het. Volgens oorlewering het Rashbi vir die vervolging deur die Romeine gevlug en vir dertien jaar in 'n grot weggekuip waar hy die Torah bestudeer het. Gedurende dié tyd is hy volgens oorlewering deur die profeet Elia geïnspireer om die Zohar te skryf.

Maar volgens sommige bronne kan die oorsprong van die Zohar teruggevoer word na Abraham en Moses!


Kabbalah, die Zohar en die okkulte

Kabbalah en die gepaardgaande Zohar word ook deur die ‘New Age’ orde en verwante okkulte groepe as hulle basiese leerstellings gebruik. Die feit dat okkultegroepe soos die ‘New Age’ beweging, asook sterrewiggelaars en Tarotkaartlesers ook Kabbalah en die Zohar koester as basis van hulle leerstellings, is voldoende bewys van die onderliggende boosheid van Kabbalah en die Zohar.

Hoewel Rabbynse Judaïsme ontken dat Kabbalah en die Zohar enige verbintenis met die okkulte het, is die feit dat byvoorbeeld Tarotkaartlesings gebruik maak van Kabbalah se boom van die lewe, juis bevestiging daarvan!

Die webblad ‘Sun Ray’ (<http://www.sunnyray.org>) verduidelik dit soos volg:

*If you have never heard about it, there is a straightforward correlation between the subset of **Tarot Cards named Major Arcanas and the Kabbalah**. The implications are so profound and true that if you have never heard about them you have missed a lot in terms of the underlying meaning and spiritual attributes of Tarot. The link is established by taking a good look at the [symbolic representation of Tree of Life of Kabbalah](#). The Tree of life constitutes of 10 Spheres or Levels of Influence, called Sephirot (plural) and 22 Paths connecting these Sephirot (see the image for clarifications).*



Die ooreenkoms tussen die gebruik van Tarotkaarte en Kabbalah se boom van die lewe om die ‘geheimenisse’ van die lewe te ontdek en vergenoegdheid op alle gebiede te ondervind.

Sien ook Deel 7 se verduideliking van Kabbalah se boom van die lewe.

Die volgende verduideliking is uit die artikel ‘Tarot and the Tree of Life’ deur Isabel Radow Kliegman waar sy ondermeer die gebruik van Tarotkaarte met die Tetragrammaton, soos wat die Hebreeuse spelling van YHVH-God se naam bekend staan, verbind:

In 1856, Alphonse Louis Constant, known as Eliphas Levi, published the first book to associate the twenty-two cards of the Major Arcana⁵ with the twenty-two letters of the Hebrew alphabet and the four suits of the Minor Arcana with the Tetragrammaton—the four-letter name of God. In 1889, Gerard Encausse, a student of Levi known as Papus, published The Tarot of the Bohemians, which asserts that the Tarot was generated by the Tetragrammaton and is to be understood in terms of it. Another student of Levi, Paul Christian, created a system combining Tarot with Kabbalistic astrology. Also in 1889, Oswald Wirth published a deck of Major Arcana whose twenty-two designs incorporated the twenty-two Hebrew letters. Both his teacher, Stanislos De Guaito, and Papus were members of the Kabbalistic Order of the Rose Cross, which has come into modern times as the Rosicrucians. (<https://www.theosophical.org/publications/42-publications/quest-magazine/1358-tarot-and-the-tree-of-life>).

Die volgende kort video ‘Tarot & the Kabbalistic Tree of Life / Tarot Cards’ is een van vele videos en ander inligting wat op die internet beskikbaar is en wat die noue verband tussen Kabbalah en die okkulte verduidelik: <https://www.youtube.com/watch?v=8qLyw-f9QqA>.

Die feit dat sommige groepe binne die ‘New Age’ Beweging die identiese boom van die lewe van Kabbalah, en selfs die identiese Hebreeuse name gebruik, behoort genoegsame bewys te wees van die demoniese oorsprong van beide Kabbalah en die ‘New Age’ beweging!

Opsommend

Die webblad www.kad-esh.org som die misleiding van Kabbalah en die Zohar soos volg op:

*Today Kabbalah has become popularized by such writers as Yehuda Berg and spread by the internet and TV. Many traditional Jewish cabalists condemn contemporary Kabbalah movements as fanciful and overly popularized misrepresentations of authentic Kabbalistic philosophy. **Whichever the case, today’s Kabbalah is definitely more new age than biblical. Even though modern popularized Kabbalah has been condemned by***

⁵ Arcana, (arcane) meaning “secret,” “esoteric,” or “hidden away”

traditional cabalists, readings from the Zohar, which is several hundred years old and is at the heart of Kabbalah, reveals theology reminiscent of the new age: reincarnation, inner divinity, pantheism, etc.

The truth is that Kabbalah has evolved. But it has evolved from one heresy deeper into another. It is not biblical and it is not true.

Kabbalah se boom van die lewe, tesame met die Zohar, is in werklikheid die boom van kennis van goed en kwaad waarvan ons nie mag 'eet' nie! Hierdie boom bevat die goeie en die kwade – 'n mengsel van die waarheid en die leuen! Dit is die gees van die Antimessias wat hom voordoen as 'n engel van die lig en baie gelowiges wat terugkeer na hulle Hebreeuse wortels mislei!

Dit herinner ons aan die woorde van Paulus in 2 Kor. 6:17 en 18 toe hy gesê het:

17 “As gevolg hiervan,” sê יהוה, “gaan van tussen hulle uit, skei jou af van hulle, raak nie die dinge wat onrein is, aan nie en Ek sal julle ontvang 18 en Ek sal vir julle 'n Vader wees en julle sal vir My seuns en dogters wees,” sê יהוה, wat almal vashou.

So ook het Yeshua aan ons opdrag gegee en ons gewaarsku in Open. 18:4 en 5:

4 Ek het 'n ander stem uit die hemel hoor sê: “Gaan uit haar uit, My volk sodat julle nie deel kry aan haar sondes en nie van haar plaë ontvang nie, 5 want die sondes in haar het opgestapel tot by die hemel en God het haar boosheid in herinnering geroep.

Die ware Boom van Lewe is Yeshua, Die Gesalfde Een – die Woord van YHWH wat vlees geword het. Elkeen wat wedergebore is, en met die Afgesonderde Gees gevul is, het nie die Talmud of Kabbalah of die Zohar nodig om die geheimenisse van YHWH en Sy wil vir die mens te ontdek nie! Deur vertrouwe in Yeshua ontdek ons die Waarheid en die Weg en 'n Lewe van shalom – vrede, voorspoed, gesondheid en vergenoegdheid!

Omdat ons onskuldig verklaar is, sal daar daarom deur vertrouwe, vir ons vrede, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid by God wees deur ons Meester, Yeshua, Die Gesalfde Een.

Rom. 5:1.

Talmud, Kabbalah en die Zohar gaan hoofsaaklik oor die geestelike, MAAR sonder die Afgesonderde Gees van YHWH-God!! Dit is die demoniese nuttelose werke van die vlees van diegene wat nog nie die Waarheid aangaande YHWH soos dit in Yeshua Messias openbaar gemaak is, ontdek het of dit wil glo nie!

Rabbynse Judaïsme is ondermeer die gees teen wie ons as die geregtigheid van YHWH in Yeshua (2 Kor. 5:21) 'n stryd met die volle wapenrusting van YHWH moet voer (Efes. 6:10 tot 20)!

10 Wees daarom, my broers, versterk in ons Meester en in die grootheid van Sy krag. 11 Trek al die wapenrusting van God aan sodat julle in staat is om staande te kan bly teen die strategieë van die teëstander, 12 want julle geveg is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die heersers, teen die outoriteite, teen die heersers van hierdie wêreld van duisternis en teen bose geeste onder die hemel. Efes. 6:10 tot 12.

-0-0-0-0-0-0-0-

Deel 9: Wie Is Jou Rabbi?

Hersiening

In Deel 7 is Kabbalah as deel van Rabbynse Judaïsme bespreek, asook die oorsprong daarvan wat teruggevoer kan word na antieke Babilon. In Deel 8 is die Zohar bespreek wat as die “heilige skrifte” van Kabbalah beskou word. Kabbalah en die Zohar loop hand aan hand!

Die belangrikste is om te verstaan dat die Talmud, Kabbalah en die Zohar met Babiloniese afgodery besoesel is!! Babilon beteken ‘verwarring’ en Satan het ten doel om verwarring te skep deur die waarheid en die leuen te meng op ‘n wyse dat dit steeds soos die waarheid lyk!

In Deel 1 tot 6 het ons bewys gelewer dat Rabbynse Judaïsme ‘n ernstige misleiding is! Daarom is Rabbynse Judaïsme met hulle Talmud, asook Kabbalah met die Zohar die gees van die Antimessias en is dit ‘n gruwel in YHVH se oë.

*One of the most common deceptions among Christians returning to the Jewish Roots of the Faith is the entanglement with unbiblical “Jewish” traditions and especially the Kabbalah and the Talmud! It is imperative that we understand that not everything “Jewish” is also “Hebrew” or Biblical. **Judaism is a religious system much like Christianity that its source is in the poisonous tree of Knowledge of Good and Evil.** (<http://kad-esh.org/flee-the-kabbalah-deception/>)*

Deel 9 sal die laaste in hierdie reeks wees en die vraag wat elkeen sal moet antwoord is: Wie is jou Rabbi (Leermeester)? Is dit Yeshua Die Gesalfde Een of is dit Rabbynse Judaïsme?

Wie Is Jou Rabbi?

In ‘n skrywe wat in 2015 van die Hebrew Roots Teaching Institute (HRTI) ontvang is, naamlik *HTG’s Beit Psak Constitution (2015)*, maak hulle die volgende stelling:

Believers from the house of Israel, also known as Ephraim or Joseph, who is generally known as ‘Messianics’, is commanded by the Torah to listen and learn from the House of Judah.

Ondermeer word Sag. 8:19 tot 23 as bewys hiervoor aangehaal, veral vers 23 waar die profeet Saggaria sê:

So sê יהוה-Tzva’ot: ‘In daardie dae sal tien man vanuit al die nasies die kleet van ‘n man van Y’hudah vasgryp en sê: “Laat ons saam met julle gaan, want ons het gehoor dat God by julle is.

In hierdie skrywe van die HRTI word ook die volgende stelling gemaak:

How arrogant of the “church” and “Messianics” to come and pretend they can teach the Jews. No, Scripture has it that the Messianic lost sheep will eventually learn from Judah concerning the Divine Constitution during the Olam Habah. This Divine ‘Constitution’ is enshrined in the Torah of Israel. Its judicial interpretation has been Divinely mandated to the Tribe of Judah (the Jews and their spiritual leaders of today, the Rabbis).

Die onmiddelik vraag is of Yeshua met hierdie skrywe (‘opdrag’) van HRTI sal saamstem? Dit behoort van selfsprekend te wees dat Yeshua nie so iets aan Sy dissipels sal sê nie! Ons kan dit met sekerheid weet, want Yeshua het juis gewaarsku teen die suurdeeg van die Fariseërs (Matt. 16:6 tot 12). En ons weet dat Rabbynse Judaïsme is gebou op die fondament van Fariseïsme. Hierdie suurdeeg van die Fariseërs is hulle leerstellings:

Toe het hulle verstaan dat Hy nie gesê het dat hulle moes oppas vir die suurdeeg van brood nie, maar vir die leringe van die Fariseërs en Sadduseërs. Matt. 16:12 – PWL.

Ons kan dus met sekerheid aanvaar dat Yeshua ook vandag aan ons sou sê: *Pasop vir die suurdeeg – die leerstellings – van Rabbynse Judaïsme!* Na wie luister jy? Na die woorde van Yeshua Messias of na die woorde van die HRTI en Rabbynse Judaïsme? Wie is jou Rabbi – jou Leermeester?

Dit is feitlik ondenkbaar dat HRTI verwag dat ons by Rabbynse Judaïsme moet gaan leer terwyl ons weet dat hulle Yeshua as Messias verwerp en dit deel vorm van hulle leerstellings. Maar veel meer was my verbasing toe ek lees: *How arrogant of the "church" and "Messianics" to come and pretend they can teach the Jews.* Ek sou reken dit is arrogant van Rabbynse Judaïsme om Yeshua as Messias te verwerp! Dit is om in die kring van spotters te sit (Ps.1:1) en om hulle eie geregtigheid op te rig! Soos Paulus kan ons ook die volgende van Rabbynse Judaïsme sê:

Broeders, die verlange van my hart en die gebed wat ek tot God vir Israel doen, is tot hulle redding. Want ek getuig van hulle dat hulle 'n ywer vir God het, maar sonder kennis. Want omdat hulle die geregtigheid van God nie ken nie en hulle eie geregtigheid probeer oprig, het hulle hul aan die geregtigheid van God nie onderwerp nie. (Rom. 10:1 tot 3).

Die probleem met talle gelowiges van die Messiaanse Beweging (*Hebrew Roots Movement*) is dat hulle begin om die Skrifte van die nuwe verbond te verwaarloos of om dit (of sommige dele daarvan) te bevraagteken. Daarom is baie geneig om te vergeet wat Yeshua van die Fariseërs gesê het, of om dit nie te beskou as deel van die Skrifte van die nuwe verbond nie. Maar laat ons onself herinner aan Yeshua se woorde:

Maar wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle sluit die koninkryk van die hemele toe voor die mense; want julle gaan self nie in nie, en die wat sou ingaan, laat julle nie toe om in te gaan nie. Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle eet die huise van die weduwees op, en doen vir die skyn lang gebede. Daarom sal julle 'n swaarder oordeel ontvang. Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle trek rond oor see en land om een bekeerling te maak; en as hy dit geword het, maak julle hom 'n kind van die hel, twee maal erger as julle self. Matt. 23:13 tot 15

Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle gee tiendes van kruisement en anys en koljander, en die swaarste van die wet laat julle ná: die reg en die barmhartigheid en die trou. Hierdie dinge behoort julle te doen sonder om die ander na te laat. Matt.23:23

Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle maak die buitekant van die beker en die skottel skoon, maar binnekant is dit vol roof en onmatigheid. Matt. 23:25

Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle is net soos gewitte grafte wat van buite wel fraai lyk, maar van binne vol doodsbene en allerhande onreinheid is. Matt. 23:27

Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle bou die grafte van die profete en versier die grafstene van die regverdiges; Matt. 23:29.

Yeshua sê vir hulle (die Fariseërs): "As God julle Vader was, sou julle My liefhê, want Ek het van God af uitgegaan, want Ek het ook nie uit My eie plesier gekom nie, maar Hy het My gestuur. Waarom verstaan julle nie wat Ek sê nie? Omdat julle nie My boodskap kan hoor nie. Julle is van julle vader, die teëstander, en julle begeer om julle vader se wil te doen. Hy is 'n moordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie omdat daar geen

waarheid in hom is nie. Wanneer hy lieg, praat hy uit wat syne is, want hy is vanuit valsheid en die vader daarvan, maar julle vertrou nie in My nie, Ek, wat die waarheid praat. Wie van julle kan My oortuig van sonde? As Ek die waarheid praat, waarom vertrou julle My nie? Wie ook al van God is, luister na die woorde van God; daarom luister julle nie omdat julle nie van God is nie.” Joh. 8:42 tot 47 – PWL.

Selfs Johannes was openlik oor sy siening van die Fariseërs en Sadduseërs soos geskryf is in Matt. 3:7.

Maar toe hy baie van die Fariseërs en Sadduseërs na sy doop sien kom, sê hy vir hulle: Addergeslag, wie het julle aangewys om te vlug vir die toorn wat aan kom is? Matt. 3:7

Al bogenoemde woorde van Yeshua, asook die van Johannes, is genoeg rede vir elkeen wat glo in Yeshua as die Messias om nie Rabbynse Judaïsme as leermeester te beskou nie. Yeshua het ons gewaarsku dat die Leerstellings van die Fariseërs, en dus van Rabbynse Judaïsme, suurdeeg is wat verwyder moet word.

Baie roem op hulle kennis van die leringe van Rabbynse Judaïsme, maar laat ons ook in die verband Paulus se woorde onthou:

Julle roem is nie mooi nie. Weet julle nie dat ‘n bietjie suurdeeg die hele deeg suur maak nie? 1 Kor. 5:6.

Laat ons dan feesvier, nie met die ou suurdeeg of met die suurdeeg van ondeug en boosheid nie, maar met die ongesuurde brode van reinheid en waarheid. 1 Kor. 5:8

Beteken dit dat ons alles van Rabbynse Judaïsme moet verwerp? Nee, maar ons moet met baie groot versigtigheid die vis van die grate skei. Onthou egter:

- ❖ Dit is maklik om die vis van die grate te skei wanneer ons snoek eet, maar dit is baie moeilik om die vis van die grate te skei wanneer ons sardientjies eet! Dan eet ons die sardientjie met grate en al! Is dit nie die klein bietjie suurdeeg wat die hele deeg suur kan maak nie?
- ❖ Net soos die Christendom ‘n mengsel van leuens en waarheid is, so ook is Rabbynse Judaïsme.
- ❖ Rabbynse Judaïsme het al tweeduisend jaar gelede gekies om te glo dat Yeshua nie die Messias is nie, of anders gestel, dat YHVH nie ‘n Seun het nie. Dit is die groot probleem waarmee ons sit indien ons glo dat hulle ons leermeesters van Torah is! Onthou: Rabbynse Judaïsme verkondig, net soos die Christendom, ‘n halwe waarheid!

In die skrywe van HRTI word Gen. 49:1 ook gebruik as bevestiging dat *Judah (the Jews) would retain the ruling legal authority amongst the Twelve Tribes of Israel "... UNTIL Shiloh (Y'shua Messiah) physically comes to earth," to whom the ruling authority "over the nations" belongs.* Wat HRTI skynbaar nie verstaan nie, is dat Yeshua het gekom om ‘n hemelse koninkryk te vestig wat met Sy wederkoms fisies sal manifesteer.

Silo (Yeshua) het gekom en die Koninkryk van die Hemel se Melgisedek Priesterorde is herstel. Yeshua is nou die Wetgewer (Koning) met Sy wette wat geopenbaar is in die Nuwe Verbond, naamlik die Torah van die Messias. Hy is ons Ewige Hoofpriester volgens die orde van Melgisedek.

As daar dus volledige afhandeling deur die Levitiese priesterskap was, waardeur die geskrewe wet vir die mense vasgestel is, waarom was dit nog nodig dat 'n ander nie-Levitiese priester moes opstaan, volgens die beeld van Malki-Tzedek? Sê dit dat Hy volgens die beeld van Aharon sal wees?

Net soos daar 'n verandering in die priesterskap gekom het, net so was daar 'n verandering in die reëls,

want Hy van Wie hierdie dinge gesê word, behoort aan 'n ander stam, waaruit niemand nog ooit by die altaar bedien het nie,

want dit is bekend dat ons Meester vanuit Y'hudah opgegroeï het; 'n stam waarvan Moshe niks aangaande die priesterskap gesê het nie.

Nog baie duideliker is dit: dat hy sê dat 'n ander nie-Levitiese Priester volgens die beeld van Malki-Tzedek opstaan.

Hy wat dit nie was volgens die wet van opdragte, na die liggaamlike, nie, maar deur die krag van lewe wat nie vernietig word nie,

want Hy getuig aangaande Hom: "U is nie-Levitiese Priester vir ewig volgens die beeld van Malki-Tzedek,"

want daar was eers 'n verandering aan die orde weens die onvermoë daarvan en dat daar geen voordeel in was nie,

want die geskrewe wet het niks tot sy einddoel gebring nie, maar 'n versekerde verwagting het in sy plek ingekom, waarin ons tot God nader, wat beter is as dit. Heb. 7:11 tot 19 –

PWL.

Ons is 'n koninklike priesterdom en ons staan nie onder die gesag van die Levitiese priesterorde nie! Volgens die brief aan die Hebreërs het daar 'n verandering in die wet (Torah) gekom, naamlik in die priesterorde en die offerandes. Onthou: Die beplande tempel wat waarskynlik binnekort gebou gaan word gaan 'n Levitiese priesterorde weer instel. Elkeen sal dan moet kies tussen die Melgisedek priesterorde en die Levitiese priesterorde. Wat gaan jy kies? Maar jy moet nou reeds jou keuse maak!!

HRTI se gebruik van Sag. 8:19 tot 23 as bewys, getuig ook van hulle geestelike blindheid. Lees aandagtig wat is geskryf in verse 20 tot 23 en veral vers 23.

So sê יהוה-Tzva'ot: 'Volke sal kom, die inwoners van baie stede.

Die inwoners van een sal gaan na 'n ander en sê: "Laat ons dadelik gaan om die onverdiende guns van יהוה te vra en om יהוה-Tzva'ot te soek; ek sal ook gaan!"

So sal baie volke en magtige nasies kom om יהוה-Tzva'ot in Yerushalayim te soek en om die onverdiende guns van יהוה af te smek.'

*So sê יהוה-Tzva'ot: 'In daardie dae sal tien man vanuit al die nasies **die kleed van 'n man van Y'hudah** vasgryp en sê: "Laat ons saam met julle gaan, want ons het gehoor dat God by julle is."*

Hierdie profesie is reeds vervul! Let op dat vers 23 verwys na *daardie dae*! Dit verwys na daardie dae wat 'n man (enkelvoud) uit die stam van Juda te voorskyn sal kom. Daardie man is Yeshua wat uit die stam van Juda gekom het en Sy kleed van geregtigheid is deur tien man, naamlik mense uit verskillende volke, vasgegryp. Ons leef huidig in daardie dae!!

Die International Standard Version vertaal dit soos volg:

This is what the LORD of the Heavenly Armies says: "In the future, ten men speaking all the languages of the nations will grab hold of one Jewish person by the hem of his garment and say, 'Let us go up to Jerusalem with you, because we heard that God is with you.'"

Figuurlik gesproke het Yeshua se dissipels Sy klee ‘vasgegryp’ en Hom gevolg, en letterlik was daar diegene wat Yeshua se klee aangeraak (‘vasgegryp’) en Hom gevolg het vir hul genesing.

En daar het ‘n vrou wat twaalf jaar lank aan bloedvloeïing gely het, van agter gekom en die soom van sy klee aangeraak. Want sy het by haarself gesê: As ek maar net sy klee kan aanraak, sal ek gesond word. Matt. 9:20 en 21.

en hulle het Hom gesmeek dat hulle net maar die soom van sy klee mag aanraak; en almal wat dit aangeraak het, het gesond geword. Matt. 14:36.

Die geskiedenis van Josef en sy broers is ook ‘n sinnebeeld dat dit die huis van Juda is wat voor die huis van Josef (Efraim) sal buig. Dit is Juda wat Josef verkoop het en so ook het die huis van Juda vir Yeshua ‘verkoop’. Juda het sy vader Jakob se geliefde seun Josef verwerp en so het Rabbynse Judaïsme ook YHWH se Seun verwerp. Hierdie sinnebeeld word ook in die Skrifte van die nuwe verbond herhaal. In haar artikel ‘Jona: Duif’ ([JONA \(Duif\) 2015.2](#)) verduidelik Ina van Niekerk dit soos volg:

In Matt. 27:16 – 26 en ooreenstemmende plekke in die ander evangelies lees ons van Barabbas.

Dis “Bar Abbas”. Seun (bar) van die vader (Abba-s), maar watter vader?

BarAbbas was ‘n gevangene omdat hy ‘n dief en ‘n moordenaar was (Joh. 18:40, Mark. 15:7, Luk. 23:18). Hy was dus vanaf die duiwel as vader (Joh. 8:44).

Aan die ander kant is daar JaHUsha die Messias wat vanaf Sy Vader kom. Hy en die Vader is een.

Sy Vader was JaHUaH (Joh. 5:43, Joh. 17:1 - 26). JaHUsha het met Sy Vader gepraat toe Hy op die folterpaal was (Luk. 23:34, Luk. 23:46).

*Die naam “BarAbbas” hier in Matt. 27 het **gesinspeel** op diegene wat **Satan**, die Anti-Messias, **as hulle vader sou kies**, soos hulle “BarAbbas” hier gekies het.*

*Toe hulle gevra word wie **losgelaat** moet word, “BarAbbas” of JaHUsha (Matt. 27:19), het hulle uitgeroep: “BarAbbas”.*

Tydens Jom Kippur word daar die lot gewerp tussen twee bokke (Lev. 16:8 – 10). Die een bok word geoffer as sondoffer vir ons sondes (Jes. 53, Rom. 4:25).

Dit het gedui op JaHUsha en die dood wat Hy sou sterf ter wille van ons sondes.

*Die ander bok, die sondebok, **Asasel**, word dan **losgelaat** in die woestyn. Net soos wat **BarAbbas”** hier **losgelaat** is!*

In die boek van Henog lees ons van Azazel (Henog 54,55). Hy word as Satan uitgebeeld. Asasel, die sondebok, is Satan.

Dieselfde patroon word gegee in Lev. 14:4 -7 met twee duiwe. Een word geslag, en een word vrygelaat.

Daar is egter ‘n sinspeling met name op hierdie kritieke tyd tweeduisend jaar gelede, waar daar gekies moes word deur die mense. BarAbbas of Messias JaHUsha.

BarAbbas, Asasel, het sy volgelinge, naamlik **diegene wat nie die Messias kies nie**, maar wat JaHUsha as Messias weereens “**dood**” verklaar.

BarAbbas was soos ‘n politieke leier van sy tyd en het hulle bevryding van die Romeinse juk belowe. Hulle het nie ‘n lydende Messias verwag soos wat JaHUsha was nie.

Maar tog het ander Jode soos Sy disspels JaHUsha gevolg as hulle groot Hoë Priester in die Orde van Melgisèdek.

Dit is “Silo” (Shilo) wat gekom het (Gen. 49:10), die Koninkryk van die Hemel se Priesterorde wat herstel is, en Hy is nou die Wetgewer met Sy wette wat geopenbaar is in die Brit Chadashah, naamlik die Torah van die Messias.

Diegene wat Hom gekies het, het afstand gedoen van enige Judaïsme. Dis **daar** waar die **skeiding** al gekom het!

BarAbbas die moordenaar, is vrygelaat en JaHUsha wat onskuldig was, is wat hulle betref, vermoor.

Hand. 3:14 “En julle het die Afgesonderde en Regverdige verloën en gevra dat ‘n moordenaar aan julle geskenk word.”

Hoewel HRTI skryf dat *there is nothing wrong with the Oral Law but it must and can never contradict or supersede the Written Law (Torah)*, en ek hiermee kan saamstem, moet ons wel die volgende vraag vra: Hoe verwag HRTI dat geestelike babas hierdie onderskeid moet kan maak? ‘n Geestelike baba sal eet wat hy gevoer word, veral as hy regtig honger is! Daarom:

Geestelike babas wat by Rabbynse Judaïsme leer is ‘leeukos’!!

Die saad wat Rabbynse Judaïsme saai is in vele opsigte die onkruid wat gesaai word terwyl die mense slaap (Matt. 13:24 tot 30)! Die woord vir *onkruid* in Grieks beteken *drabok*. Hierdie plant lyk tydens die groeistadium net soos koring, en dit is slegs die kundiges wat die ware koring van die drabok kan onderskei. Drabok is dus vals koring, en dit bevat ook ‘n susmiddel wat mense goed laat voel. Rabbynse Judaïsme laat mense ook geestelik ‘goed voel’ en dit is die gevaar wat elkeen moet besef! Maar onthou:

*Bedrieglik en ernstig siek is die verstand, wil en emosie bo alle dinge; wie kan dit verstaan?
Ek, יהוה, deursoek die verstand, wil en emosie, Ek toets die gedagtes, om aan elkeen te gee
volgens sy lewenswyse, volgens die vrug van sy dade. Jer. 17:9 en 10 – PWL.*

Daarom: Volg Rabbi Yeshua en leer by Hom met die hulp van die Afgesonderde Gees **en vermy die die suurdeeg van Rabbynse Judaïsme – of wees minstens ernstig bewus van die gevare daarvan!**

“Let op na en wees versigtig vir die suurdeeg van die Fariseërs en Sadduseërs.”
*Hulle het dit onder mekaar bespreek en gesê: “Dit is omdat ons geen brood gebring het nie,”
maar Yeshua het dit geweet en vir hulle gesê: “Kleintjies in vertroue, wat bespreek julle
onder mekaar dat julle geen brood gebring het nie?
Verstaan julle tot nou toe nog nie en onthou julle ook nie die vyf brode en die vyf duisend en
hoeveel groot mandjiesvol julle opgetel het nie?
Ook nie die sewe brode van die vier duisend en hoeveel ronde mandjiesvol julle opgetel het
nie?
Hoe is dit dat julle nie verstaan dat Ek nie oor brood met julle gepraat het nie, maar om op
te pas vir die suurdeeg van die Fariseërs en Sadduseërs?”*

Toe het hulle verstaan dat Hy nie gesê het dat hulle moes oppas vir die suurdeeg van brood nie, maar vir die leringe van die Fariseërs en Sadduseërs. Matt. 16:6 tot 12.

-0-0-0-0-0-0-0-

Shalomgroete.
Johan.

Epos: kontak@nuwelied.info

Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.